basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. " 'n vigslyer sterf" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "eerste worp" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "oupa Thomas Daniel Granfield" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. "Die sagte sprong" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "die duister son" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant**

die takelwerk word afgetakel
stadig sien sy geliefdes hom inplof
die bekende vlees na binne stort
hulle sien hom reeds stof word

iets wil huil oor die bros vel
wat soos dun seil oor brose stokke lê
oor die mond wat iets wil sê

die gewig van lug
is vir die hand te swaar
die lyf
nou klein en seer
het byna alles reeds verleer

net die oë bly groter staar
soek na raad teen al die skade
na die genade van sag gaan
na verstaan

[Bron: *Poësiepalet*, 2007]

Die spreker in die gedig maak van beeldspraak, retoriese middele en stylfigure gebruik om die vigslyer se agteruitgang te beskryf.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**eerste worp – TT Cloete**

ons het nie ou katedrale en kastele nie,
geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
die min wolke wat ons het, is yl versprei.
ons het nie groot metropole nie.
ons is sonder groot donkergroen woude.
dun is ons geskiedenis met min groot name

soos beethoven of dante
of rembrandt of bramante

ons het min onwerklike sagte drome

maar ons het uitgestrekte woestyne
en krom grys bome wat houtbeen vasskop
in die droë sand en koets teen die son

ons het baie droë lope
en oerrivierbeddings met ou inheemse name
soos gourits en storievertelname soos skrij
of kameelsleep en lijersdraai

en baie reste naby aan die eerste worp

by wêreldseinde in die suisende stil nag
hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Bron: *Uit die hoek van my oog*, 1998]

2.1 Waarna verwys die gedigtitel binne die konteks van die gedig? (1)

2.2 Na wie verwys die spreker met die herhalende "ons" in versreël 4 en 5? (1)

2.3 Is die gebruik van kleinletters by die eiename in versreël 7 en 8 effektief? Motiveer jou antwoord en skryf hoe hierdie versreëls die inhoud van versreël 6 ondersteun. (2)

2.4 Wat bereik die spreker met die alleenplasing van versreël 9? (1)

2.5 Versreël 11 en 12 verwys na bome wat teen die son "koets".

Benoem dié beeldspraak en evalueer die geslaagdheid van hierdie beeld. Gee 'n motivering vir jou evaluering. (2)

2.6 Herlees versreëls 18 tot 20.

Noem TWEE klankeffekte wat dié drie versreëls bind. Skryf die eerste woord in versreëls 19 tot 20 waarmee die stilte opgehef word, neer. (3)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**oupa Thomas Daniel Granfield – Ronelda Kamfer**

**1.**

dis vandag my oupa Thomas
se verjaardag
dit sou gewees
het
hy is dood
toe ek in matriek was
dit is al wat ek regtig van
matriek kan onthou

die oggend toe die telefoon lui
het my ma nie kom sê nie
sy en my pa het opgestaan
en is weg hospitaal toe

al die grootmense my oupa se kinders en hulle
mans en vroue is hospitaal toe

ek wou saamgaan
ek wou net my oupa
belowe dat ek okay sou wees
dat ek eendag 'n boek gaan skryf
en hom nooit sal vergeet nie en
dat ek die liefste vir hom was

my ma het 'n paar uur later
gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak
sy het niks gesê van my oupa nie
haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg

ek het gewag vir iets
vir Pappa is dood
of dis verby of hy's oorlede
maar sy't aanhou praat oor kos
toe ek haar uiteindelik stop en vra
het die vlermuise aanhou vlieg

"ja, vroeg vi-oggend"

**2.**

die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie
maar
dat die aarde aanhou draai het
dat ek aanhou leef het
dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is
dat ek kon slaap en wakker word
matriek slaag en aan 'n toekoms dink
die ergste van alles was dat ek alles kon doen wat
ek moes doen
en al wat ek regtig wou doen was om te huil
ek wou dae aaneen huil
ek wou sy leeftyd uithuil
ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees
ek wou huil oor die onregverdigheid
en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my

[Bron: *grond/Santekraam,* 2011]

3.1 Wat dien in versreëls 1 tot 3 as prikkel vir die skryf van dié gedig? (1)

3.2 Waarom is die alleenplasing van die woord "het" in versreël 4 funksioneel? Watter verband het versreël 5 met versreël 3 en 4? (2)

3.3 Na wie verwys die "ek" in versreëls 15 tot 20? (1)

3.4 Herlees versreëls 25 tot 30.

Op watter manier sluit die afwesigheid van leestekens in versreëls 25 tot 30 by die spreker se gemoedstoestand aan? Hoekom is die gebruik van die "vlermuis"-beeld in versreël 30 effektief? (2)

3.5 Dink jy die herhaling van woorde in versreëls 34 tot 35 en versreëls 42 tot 46 onderskeidelik dui op die spreker se gemoedstoestand? Motiveer telkens jou antwoord. Haal 'n versreël uit versreëls 15 tot 18 aan wat hierdie gemoedstoestand weerspreek. (3)

3.6 Formuleer die tema van hierdie gedig. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die sagte sprong – Sheila Cussons**

Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: 'n aanraking van die verstand
lig soos 'n veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
: Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet sy vasvat wees?

[Bron: *Die sagte sprong*, 1979]

4.1 Watter woord in versreël 1 sluit by die titel aan? (1)

4.2 Haal die paradoks aan waarmee die intellektuele aanraking in versreëls 1 tot 4 beskryf word. (1)

4.3 Is die leesteken in versreël 7 funksioneel in hierdie gedig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

4.4 Benoem die beeldspraak wat in versreël 9 voorkom. Watter ooreenstemmende eienskap het dié beeld met die beskrywing wat in versreël 2 en 3 voorkom? (2)

4.5 Op watter DRIE maniere word die spreker se blydskap in versreëls 9 tot 11 beklemtoon? (3)

4.6 Hoe kontrasteer die woord "vasvat" in versreël 11 met die titel? (1)

**[10]**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**die duister son – Cas Vos**

Lig soos 'n bruidegom uit sy slaap
stap die son om die dag te groet.
Met vuur vertel hy dat hy ligvoet
en opgewek deur die heelal sal draf.
Hy glinster op riviere se sagte lywe,
loop rats oor die rante en buk laag
om skadukolle onder bome uit te jaag.
Keer saans laggend na sy kamer terug.
Dit is die sonnige man se daggang
tot die vierde Desember 2002 berig:
hy verloor in Luna* se arms sy lig
en word helder oordag die duister son.

**Latynse benaming vir die maan*

[Bron: *as die son kom oogknip*, 2002]

5.1 Na watter tyd van die dag verwys versreël 2? (1)

5.2 Watter halfrym in versreël 1 en 2 ondersteun die beweging van die son? (1)

5.3 Benoem die beeldspraak in versreël 1 en versreël 9 onderskeidelik. Dink jy die beeld in reël 9 is effektief? Motiveer jou antwoord. (3)

5.4 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 10? (1)

5.5 Hoe verskil die stemming in versreël 11 en 12 van die stemming in versreëls 1 tot 8? Dink jy die verskil is geslaagd? Motiveer jou antwoord. (2)

5.6 Haal die versreël aan wat die oorsaak vir die "duister son" verwoord. Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

"Die lewe is nie 'n storieboek nie."

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde en bespreek hoe die teendeel van die Engel se woorde vir lank in Iris se lewe waar bly. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Daar was hierdie man, sien, 'n oujongkêrel, ryk genoeg en aantreklik, 'n Eduard eintlik. Hy het nie vreeslik in meisies belanggestel nie, maar sy jonger broer het. Sy naam was Peter. (My karakters het altyd Engelse of buitelandse name gehad en die verhaal het ook êrens anders afgespeel. Selfs my vrugbare verbeelding kon nie romanties raak onder Suid-Afrika se bakkende son en interne probleme nie.) Ek, of liewers: sy, was nie een van Peter se meisies nie, sy was bloot 'n goeie vriendin. Die meisie by wie hy sy hart kon kom uitpraat. 'n Maat. Maar op 'n gegewe aand kom hy by haar aan, baie laat. Hy het te veel gedrink, kan sy dadelik sien toe sy eers wakker is. (Sy het al geslaap.)

"Wat makeer?" vra sy en begin koffie maak.

Hy trek sy das los en val op haar bed neer. Terwyl hy haar vertel hoe sy meisie hom teleurgestel het en hoe alles die afgelope weke met hom verkeerd gaan, moet ek miskien 'n bietjie agtergrond inskets.

Sy bly alleen in 'n ateljee-tipe woonstel. Basies net een baie groot vertrek met 'n badkamer êrens op die agtergrond. Wat sy doen, weet ek nie. Iets vaags soos 'n proefleser, in elk geval iets wat sy by die huis kan doen. Miskien was sy selfs 'n skryfster. (Sy was my alter ego en ek was altyd besig om stories te versin.) Ek wou nie tyd mors met wonder waar haar geld vandaan kom en hoe sy dit regkry om brood en melk te koop nie.

7.1 Wanneer dink Iris die fiktiewe Peter uit en waarom leef dié karakter nie baie lank nie? (2)

7.2 Watter onregverdige aanname maak Iris oor die regte Peter wanneer sy hom ontmoet? Hoe bewys die regte Peter haar later verkeerd? (2)

7.3 Hoe dra Iris se obsessie met haar naam by tot haar innerlike konflik oor die moontlike modelkontrak? Kan Iris se swak selfbeeld aan hierdie obsessie toegeskryf word? Motiveer jou antwoord. (2)

7.4 Waarheen gaan Iris en die werklike Peter uiteindelik vir 'n sogenaamde romantiese vakansie? Op watter wyse ervaar Iris die milieu daar van die begin af as 'n antiklimaks? (2)

7.5 Wat is die TWEE funksies van Iris se erkenning in die roman dat werklikheid en fiksie in haar lewe oorvleuel? Is die Engel vir Iris 'n fiktiewe karakter? Motiveer jou antwoord. (3)

7.6 Gee DRIE verskille tussen Iris en Greta, haar alter ego, se karaktereienskappe. (3)

**EN**

**TEKS B**

Die oomblik toe die seremonie verby was en die foto's geneem, het ek my trui weer aangetrek. Peter het nie omgegee nie, maar Elsa het in my oor gesis dat 'n bruid nie 'n trui dra nie en hoe kan die mense die mooi rok waardeer as ek dit toewikkel in 'n wolkombers?

Tydens die onthaal het ek opgekyk na die kerksaal se vensters waardeur die winterson weldadig geskyn het en agter 'n groot rangskikking bestaande uit buiteseisoenlike blomme, het ek die Engel sien staan. Ek het vir hom geglimlag en hy het vir my geknipoog en sy duim in die lug gehou.

"Die Engel is ook hier," het ek vir Peter gefluister toe almal opstaan om op ons gesondheid te drink.

"Het jy hom genooi?" het Peter gevra.

"Hy kom nie net op uitnodiging nie."

"Van wie praat julle nou?" het my nuwe skoonpa gevra, wat aan my ander kant gesit het. Die mense was aan die rondbeweeg en eet en onder die algemene gedruis kon ons praat.

Ek het hom reguit in die oë gekyk. "Die Engel."

"Is hy hier?" het die oom gevra en oor sy mond gevee.

"Ja." Peter het nie saamgepraat nie omdat Ma hom aan die arm beetgehad het en besig was om hom te vertel van Kara se Michel en hoeveel hy nou weeg.

"Waar?" het die oom gevra en bang rondgekyk.

"Agter die blomme. Daar by die venster."

Hy het soontoe gekyk en gefrons. "Ek sien niks nie."

7.7 Iris en Peter se troue is die bewys van nog 'n vooropgestelde idee wat Iris laat vaar het. Bewys die stelling. (1)

7.8 Hoekom is Iris se voorkoms by haar eie troue ironies? (1)

7.9 In reëls 5 tot 7 staan die Engel op die agtergrond. Hoe sluit dit by die slot van die roman aan? (1)

7.10 Noem TWEE insidente vóór die troue en TWEE insidente ná die troue as bewys dat die Engel nie 'n ware beskermengel was nie. (4)

7.11 Herlees reël 16 en 17.

Speel die Engel 'n raadgewende rol in Iris en haar skoonpa se verhouding? Motiveer jou antwoord. (1)

7.12 Herlees reëls 14 tot 16 van TEKS A asook reëls 5 tot 7 van TEKS B.

Hoekom skep Iris fantasiekarakters in TEKS A? Is dit oortuigend dat Iris van Greta ontslae raak, terwyl die Engel in TEKS B steeds deel van Iris se lewe bly? Motiveer jou antwoord deur na Greta en die Engel te verwys. (3)
**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

"Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie."

Hierdie woorde dui op Baas se aanvanklike onbetrokkenheid by die gemeenskap. Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde en verwys ook na Baas se latere betrokkenheid by die gemeenskap. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Sy gryp die plastieksak wat Grace uitgehaal het om te betaal en druk dit weer voor by Grace se rok in. Aan die skaduweekant van die kremetartboom se stam gaan staan sy met haar krom lyf oor die man op sy stoeltjie. Hy kan nie opstaan om weg te kom nie.

"Toe! Praat nou met my!" kraak haar stem in Silozi. Sy verstel aan haar diklensbril om hom beter te sien en stamp haar kierie op die misvloer. "Jy ken mos niks anders as om mense te verneuk nie."

"Die Een wat nooit Slaap nie het gesê ons moenie naby die huis kom van die man wat wit is nie."

"Dan dink jy seker 'n mal mens is die Here. Toe! Loop nou na jou huis toe en gaan haal die sleutels." Ouma Essie stoot hom met die kierie in die rigting van sy lapa. "Gaan roep die kinders dat hulle die Hilux kan stoot!" skreeu sy vir Grace wat reeds op pad is na die plek waar die voertuig teen 'n afdraand onder 'n stuk plastiek toegemaak staan.

Langs die pad ry Grace en meneer Kebbey verby die slee waarop die siek vrou is.

By Manaka sien Grace dat Baas nog nie weer sy bewussyn herwin het nie. Sy vat vir hom skoon klere uit die rietrak teen sy slaaprondawel se muur.

Longwane raak buite haarself toe hulle Baas agter op die bakkie probeer laai. Sy hap verwoed na hulle. Dit help ook nie hulle slaan met 'n stok na haar nie.

9.1 Hoekom het Baas nóú die man op die stoeltjie (reël 3) nodig? Op watter manier probeer dié man later in die roman vir Baas omkoop? (2)

9.2 Waarom kruip Grace later in die roman vir meneer Kebbey weg? (1)

9.3 By watter DRIE geleenthede word Baas deur Chisupo se optrede benadeel? Met watter daad dui Chisupo aan dat Baas sy meerdere is? (4)

9.4 Dink jy Chisupo se teenwoordigheid in die roman is gepas? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Dra sy teenwoordigheid in die roman by tot die tema van Christenskap? Motiveer jou antwoord. (3)

9.5 Noem TWEE voorbeelde van uiterlike konflik in die roman wat Baas as gevolg van ouma Essie se woorde oor Christenskap ervaar. (2)

9.6 Reël 13 verwys na 'n siek vrou op 'n slee.

Waarom help Baas dié honger en/of siek mense ten spyte daarvan dat hy hulle nie wíl help nie? (1)

9.7 Watter TWEE negatiewe gevolge hou Baas se siekte (reël 14) vir hom op Manaka in? (2)

**EN**

**TEKS D**

"Dis maar familievertellings. In my leeftyd is die kanaal nog nooit gebruik nie."

Dit raak stil onder die Land Rover. "Ek sou darem wragtig nou kon doen met 'n skerpetjie," sê Whitey.

"Sê my, op watter manier ... was die ou man jou oupagrootjie?"

Whitey lag. "O, dis baie ingewikkeld. Maar deksels interessant: My oupagrootjie was met 'n Lozi-meisie getroud. Nogal die dogter van die destydse chief Mulambwa se broer. Hulle het een seun gehad. Hy was my oupa. Dié trou toe met 'n Switserse sendeling se dogter. Deurmekaar bloed wat jy hier onder jou LDV sien lê! My pa, weer, is met 'n sendelingmeisie uit Engeland getroud. Hulle bly in Lusaka. Dit lyk dalk nie vir jou so nie maar hierdie takhaar kom uit 'n bloedlyn sendelinge."

"En ek kan jou een ding sê wat nie twee is nie: 'n Mens skrik vir so 'n bloedlyn, dit werk met jou gal," lag Whitey toe Baas nie antwoord nie. "Maar moenie stres nie, party van ons het darem mechanics geword."

"Ek skrik nie. Nie naastenby nie. Ek stel belang. Sê my, dié oupagrootjie van jou, wat was sy van?" Baas gee met 'n bewerige hand sy leë koffiebeker vir Grace aan.

"Dennis. Dis my van ook."

"Is jy seker dit was sy van?"

"Hoe vra jy my nou? Aan die ander kant ... die ou man het verdwyn toe my oupa nog 'n baba was. Niemand het eintlik geweet wat sy van was nie. Almal het hom Baas genoem, soos vir jou."

9.8 Whitey verwys in reël 1 na 'n kanaal.

9.8.1 Hoe hou dié kanaal verband met Baas se oupagrootjie? (1)

9.8.2 Watter waarde hou dié kanaal later in die roman vir Baas in? (1)

9.9 Dink jy Whitey se vertelling in reëls 5 tot 10 verander Baas se siening van sy familie? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

9.10 Herlees reëls 14 tot 17.

Noem TWEE feite waarmee Baas Whitey se gebrekkige inligting oor sy oupagrootjie aanvul. Hoe oortuig Baas uiteindelik vir Whitey dat hulle dieselfde oupagrootjie het? (3)

9.11 Lees reël 7 en 8 van TEKS C en reël 1 van TEKS D.

Met watter daad verander Whitey die vernietiging van Baas se boot deur die Een wat nooit Slaap nie/Chisupo? Tot watter TWEE ander insigte kom Baas na aanleiding van Whitey se betrokkenheid in sy lewe? (3)

**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

"Vatmaar was arm, en tog het ons nie armoede geken nie."

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde die eienskappe en/of waardes van Vatmaar se mense wat daartoe bydra dat hulle "nie armoede ken nie". **[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

> Die erwe het honderd jaarts ver langs die straat af geloop. Daar was sestig sulke erwe – dertig aan elke kant van die pad wat Ta Vuurmaak oopgeskraap het toe hy voor onse geboorte nog sy treinwatertenk met sy vier osse vlei toe gesleep het.
>
> Die mense van Vatmaar moes vyf sjielings jaargeld aan Du Toitspan se dorpsraad betaal. Daarvoor het hulle ook weiregte in die dorpsgrond van Du Toitspan gekry. So, vir die besitreg van 'n erf moes 'n nuwe intrekker een pond neersit – vyftien sjielings vir die hoekpenne en vyf sjielings vir die jaargeld.
>
> Maar hy moes eers by die dorpsraadskantoor voor 'n plan van Vatmaar gaan staan en op die vraag Waar? moes hy sê: Naby so en so. Amper geen bewoners kon destyds lees en skryf nie, so die nuwe intrekker het net die nommer van die erf op die kwitansie-papier gekry, en sy naam is op die Vatmaar Settlement Plan ingeskryf. Hy moes dan sorg dat hy die volgende Saterdagoggend nege-uur in Vatmaar vir die Cape-boy wag wat vir hom die erf sou kom uitwys.
>
> Saterdag met dagbreek het die nuwe intrekker, en miskien ook sy familie en vriende, klaar sit en wag vir die Cape-boy wat kom kyk het dat hy die regte erf vat. Wanneer die man by die halfway-house ('n groot kameeldoringboom op die kortpaaitjie Du Toitspan toe) verbykom, het hulle hande geklap en geskree: Daar kom hy! Daar kom hy! En dan het hulle gestry oor wie hom eerste gesien het.

11.1 Waarvoor gebruik Ta Vuurmaak die treinwatertenk? (1)

11.2 Noem slegs EEN stap van die ritueel wanneer 'n nuwe intrekker 'n stuk grond ontvang. (1)

11.3 Watter behoefte van die Vatmaar-inwoners word gedemonstreer wanneer hulle die "hoekpenne" (reël 7) inslaan? Waarom is die inslaan van die hoekpenne ironies? (2)

11.4 Op watter wyse kan die onderstreepte woorde (reël 9 en 10) tot 'n wanpersepsie oor baie van Vatmaar se mense lei? Hoe weerlê die optrede van Tant Wonnie, Boitjie Afrika en Oupa Lewies onderskeidelik dié wanpersepsie? (4)

11.5 Met watter DRIE planne om hulle lewensomstandighede te verbeter slaag Sus Bet, Ta Vuurmaak en Bennie O'Grady onderskeidelik? (3)

**EN**

**TEKS F**

Toe sê sy: Na die vergadering sal 'n seun en dogter 'n leë twaksakkie by Oupa Lewies kry. (Oupa Lewies het staan en pyprook.) Sy het die twee aangewys: Loop by elke huisgesin langs en hulle sal iets in die sakkie sit. Mense, gee met 'n goeie hart, het sy gesê, dit maak nie saak hoe min dit is nie. En onthou, my kinders – en sy het na die seun en meisie gekyk – as daar 'n gesin is wat niks het om in die twaksakkie te sit nie, sê dan vir die tante of die oom om net aan die sakkie te raak sodat ons hulle seëning kan hê.

Oom Chai en Oupa Lewies het haar soos uit een mond bedank. Sy het weer geglimlag en almal het gedink sy is 'n pragtige vrou. Toe het sy weer tussen die mense by haar twee dogtertjies gaan staan.

Maak toe julle oë en sê Onse Vader wat in die hemel is, het Oom Chai met 'n harde stem gebied.

Oupa Lewies het sy Our Father in sy gedagtes opgesê.

Toe is die vergadering verby. Oom Chai en Oupa Lewies is na hulle huise toe, teen dié tyd nie meer 'n een-kamer nie, maar 'n behoorlike vier-vertrek. Die ou een-kamertjies het hulle as agterkamers aan mense verhuur.

Die seun en meisie het by Oupa Lewies se huis vir die leë twaksakkie staan en wag. Na hy seker gemaak het dat daar niks meer twak in die sakkie is nie, sê hy: Let me put my blessing in the bag ...

11.6 Hoekom het Vatmaar nie 'n kerk nie? (1)

11.7 Lewer Tant Wonnie se fondsinsameling 'n bydrae tot die bou van die sendingkerk op Vatmaar? Motiveer jou antwoord. Watter voorwaardes van die Moedergemeente moes die bouers op die nuwe kerkerf in gedagte hou? (3)

11.8 Gee TWEE redes waarom Oom Chai se latere huwelik met Bettie as 'n ironiese wending in sy lewe beskou word? (2)

11.9 Het die milieu waarteen die gebeure in TEKS F afspeel, enige positiewe invloed op die Vatmaar-gemeenskap? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

11.10 Watter tipe verteller is in TEKS F aan die woord? Is dié verteller gepas in hierdie teks? Motiveer jou antwoord. (2)

11.11 Herlees reëls 4 tot 7 van TEKS E en reëls 17 tot 19 van TEKS F.

11.11.1 Noem DRIE voorbeelde van sosio-maatskaplike ontwikkeling wat gedurende die roman in Vatmaar plaasvind. (3)

11.11.2 Dink jy die situasies in beide tekste sluit by die tema van onregverdige lyding aan? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

"Bullet-proof, Plank, en jy?"

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde Greg se karaktereienskappe wat toon dat die teendeel van hierdie woorde waar is. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

"Ek is hoofseun en –"

"En wat?" Ek het hom nie geantwoord nie. "As ek vanjaar by Turret Media dieselfde doen as verlede jaar, haal my mededingers my in en kan ek volgende jaar deure toemaak."

Turret Media. My pa se magtige mediamasjien. Sy lewe draai om die plek, en hy reken myne moet ook.

Ek het geknik. "Ek sal daaroor gaan dink."

"Jy moes al lankal. Ek het beter verwag van jou," praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is. "Ruggraat! Kry een! Nie soos ... "

Dis toe dat my ma opgestaan en geloop het. Pa het ophou torring. Die atmosfeer in die sitkamer was skielik gelaai. Ons het almal geweet wat hy wou sê.

Dit was gisteraand.

Gelukkig is my pa nie nou hier nie. Dis net ek en my ma in die kar. Ek maak my sitplekgordel los en leun met my kop teen die venster langs my om by die venster uit te kyk. Weerskante van die geteerde pad is 'n laning bome wat met hulle lae takke oor ons reik. Groen grasperke, netjies gesny, soos krieketvelde. Plek-plek is daar tuine met rooi, oranje en geel blomme. Verder weg is die skool se sportterrein, die moderne skoolgeboue en nog verder, die koshuise. Almal vernoem na die een of ander man wat 'n voorloper was in sy tyd: Pierre Curie, Albert Einstein, Leonardo da Vinci, Ludwig van Beethoven en Greg Owen. Oukei, ek lieg oor die laaste een.

13.1 Wat gee aanleiding tot Greg se antwoord in reël 1? (1)

13.2 Herlees reëls 2 tot 4.

Is daar 'n ooreenkoms in Dok Pienaar en Greg se pa se optrede teenoor Greg? Motiveer jou antwoord. Verskil dit van hulle optrede teenoor die regter? Motiveer jou antwoord. (2)

13.3 Hoe misbruik Greg en sy pa onderskeidelik Turret Media vir hul eie gewin? Op watter manier is sy pa aandadig aan Turret Media se ondergang? (3)

13.4 Greg se pa verswyg John se naam in reël 9. Waarom voel Greg dat John hom in die steek gelaat het? (1)

13.5 Eckardt vertel in Clarens vir Greg dat hy, Eckardt, vroeër 'n telefoongesprek met mev. Owen gehad het. Watter TWEE gevolge hou dié gesprek vir die Owen-gesin in? (2)

13.6 Herlees reël 8 en 9.

Kan hierdie woorde van Greg se pa teenoor sy kind aan die begin van sy matriekjaar geregverdig word? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Met watter TWEE handelinge van Greg bewys hy sy pa reg? (4)

13.7 Wat wil die skool met die name van die koshuise bereik? Gee TWEE redes waarom Greg se droom om 'n koshuis na hom te vernoem uiteindelik ironies is. (3)

**EN**

**TEKS H**

"Ek was by die skool. Hulle het gesê die polisie het jou kom haal." Die trane sit vlak. "En toe vir Doktor Pienaar ... Hulle het hom gearresteer. Niemand het geweet hoekom nie." Ek probeer 'n woord inkry, maar van die skok bly my ma net praat. "Ek gaan jou uit daardie plek uithaal, Greg. Ek sweer ek gaan. Dit was in elk geval jou pa se idee om jou daar te sit. Maar jy is klaar met daardie plek. Die laaste paar maande ... Ek gee nie om nie. Ek haal vir jou uit!"

"Ma, dis oukei, Ma. Genuine." Ek druk haar stywer teen my vas. Ons staan lank so. Haar vingers boor in my rug. "Ons praat later daaroor." Ek hoor hoe sy gesmoord teen my bors huil. My ma. Klein, klein hier voor my. En ek kan verstaan hoe sy voel. Sy het al klaar 'n seun verloor. <u>Sy wil nie nog een kwyt wees nie</u>.

Ek vat my ma se skouers, stoot haar effens van my af weg. Sy vee lomp met haar vingers oor haar gesig. Ek kyk haar in die oë. "Ek sê Ma wat. Kom ons gaan terug Lawson toe. Ek kry 'n klompie klere, druk dit in 'n tas en ons gaan vir 'n paar dae bietjie weg. Dis tog môre Vrydag. Nog 'n dag weg van die skool sal seker nie saak maak nie. Nie nou nie."

"Waarnatoe sal ons gaan?" vra sy hees.

"Ag, sommer hier naby sal orraait wees. Clarens. Ma was mos nog nie daar nie ..."

13.8 Hoe sluit TJ se optrede by die tema van verraad aan? (1)

13.9 Volgens reëls 1 tot 6 ervaar Greg se ma innerlike konflik.

Gee 'n voorbeeld van innerlike konflik wat sy in Clarens ervaar. Waarom word hierdie konflik nie bevredigend opgelos nie? (2)

13.10 Watter tema word in die onderstreepte sin in reël 10 aangeraak? Greg is in sy matriekjaar skuldig aan opstand teen gesag. Noem TWEE voorbeelde daarvan. (3)

13.11 Vervul Greg se ma in TEKS H die rol van versorger in Greg se lewe? Motiveer jou antwoord. (1)

13.12 Herlees reëls 15 tot 20 van TEKS G en reëls 3 tot 6 van TEKS H.

Hoe verskil Greg se verwagting van die ruimte in TEKS G van die werklikheid wat hy in TEKS H beleef? Noem TWEE verskille. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

In die drama toon Map se woorde en handelinge dat hy aanvanklik verkeerde keuses maak, maar hy kom tot insig wat hom die regte keuses laat maak.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| RICHIE: | Hél, ou Cyril, watte' translation is daai? |
| MAUD: | Three says the Bible? You? What will you ever know about the Bible? |
| CYRIL: | Missies Cavernelis is reg oek, what will we ever like know abou' de Bible, kôs ons is dan Moslem-outjies! |
| | *Hulle skaterlag.* |
| RICHIE: | Los die vrou, man! Jy wiet ons is ordinary Christian robbiese, net soes sy! |
| | *Hulle lag.* |
| TOMMY: | Wat issit moet julle, man? |
| CYRIL: | Jy al weer ge-worried oor Blanchie, hè? |
| RICHIE | *(speel):* My kinners wil oek nie lyster nie! Tóé, in! In! Bastards! |
| TOMMY: | Blanchie is haar eie mens, man, en Blanchie se biesagheit is Blanchie se biesagheit ... En al die stories wat julle hoor, dié is 'n louter lieg! En Map selwers, sê ek vir julle, is 'n ge-change-de man. |
| CYRIL: | Hê, vryf jou ringetjies, ou Tommy ... Moenie vi' ons kom lecture nie! |
| MAUD: | Tommy is reg, julle ... |
| CYRIL: | ... township-robbiese! Sê 'it maar, missies Cavernelis, missies Cavernelis en mister Cavernelis is mos 'n cut above onse township-robbiese! Would-be Glenhaven-mense ... Ha, ha, ha ... Mos nie working class soes ons nie! |
| MAUD: | What a bloody joke! Working class! Wanner het julle robbiese al ordentlik gewerk in julle lewe in, tell me! Working class! *(Proes.)* |
| CYRIL: | Wil missies Cavernelis dan hê ons moet oek vi' die lonely hearts ingaan, of maybe vi' die soft goods?! *(Lag.)* |
| | *Maud verdwyn.* |
| TOMMY: | En wat het Blanchie nou moet dit alles te doen? |
| RICHIE: | Hel, ou Tommy, so jy's sweet op haar, nè ... Map Jacobs gaan 'it nie like nie! |
| CYRIL | *(aan Tommy):* Maak jou oë oep, man! Sy allow haar om ge-use te word deur daai ou dêrre van haar, ou haitie-taitie ... |

15.1 Gee 'n rede vir Richie se dialoog in reël 1. (1)

15.2 Dink jy Cyril bedoel die woorde in reël 10? Motiveer jou antwoord. (1)

15.3 Geld Cyril se woorde in reël 17 en 18 ook vir Blanchie? Is dié suggestie van Cyril teenoor Maud geregverdig? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

15.4 Hoe is Cyril se woorde én handeling in reël 23 en 24 onderskeidelik openbarend van sy karakter? (2)

15.5 Gee die politieke én die maatskaplike milieu waarteen die drama gelees moet word, afsonderlik. (2)

15.6 Op watter TWEE wyses ondersteun die maatskaplike milieu in TEKS I die tema van uitsigloosheid? Noem TWEE invloede wat dié uitsigloosheid op Johnnie se lewe het. (4)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| TOMMY: | Of course, jy't jouselwers maar nog in die hys in gehou ... Hél, 'it was oek so 'n lang tyd, Map ... |
| MAP: | Ja ... |
| TOMMY: | En mister en missies Cavernelis is oek nog hier ... Jy remember mos vir hulle ... Die oukêrel moet die kysie moet die soft goods agter op sy bicycle ... Die ou is heel grys nou, but still the same, an' going strong ... |
| MAP: | Ja. |
| TOMMY: | *(moedswillig):* En sy dogter, Blanchie ... baie opgedoen deesdae, ek hoor sy ... ek hoor ... maar nou ja, dis oek nie Tommy Sebotker se biesagheit nie ... |
| MAP: | *(verander van houding):* Wat hoor jy van haar? ... |
| TOMMY: | Het jy vir haar al gesién? ... |
| MAP: | Wat hoor jy van haar? ... |
| TOMMY: | O, ag jy wiet, die wêreld is mos maar so, ek hoor maar wat ek hoor, maar ek wiet oek nie of dit waar is nie ... Ek hoor sy't hierso 'n wit ou, innie Constantia, of so 'n plek, een van die posh wit areas, wat 'n crush het op haar. Hy supply haar glo net mooi moet alles wat sy wil hê, klere en alles, geld oek ... Sy's stylish deesdae, jong ... *(Asof hy nie bewus is van Map se ontsteltenis nie, staan Tommy op en loop "stylish" soos Blanchie.)* Stylish ... |
| | *Map ontsteld.* |
| TOMMY: | Ek hoor sy gaan glo een van die dae overseas, vir modelling ... Paris toe ... *(Hy fluit. Map is duidelik hewig ontstel.)* 'Is true. Daar was 'n stukkie oor haar en 'n photo van Blanchie, in die koerant, nou nie te lank gelede nie ... Top township girl for Paris! ... So iets ... Ja, onse area kom óp! *(Lag.)* |

15.7 Na watter "lang tyd" verwys Tommy in reël 2? (1)

15.8 Motiveer met TWEE redes waarom die neweteks/toneelaanwysings in reël 8 Tommy karakteriseer. (2)

15.9 Reageer Map soos Cyril voorspel het? Motiveer jou antwoord met TWEE redes én gee die rede vir hierdie spesifieke reaksie van Map. (3)

15.10 Waar pas TEKS J in die struktuur van die drama in? Motiveer jou antwoord. (2)

15.11 Hoekom is die onderstreepte sin in reël 25 en 26 ironies? (1)

15.12 Herlees reëls 12 tot 14 van TEKS I en reëls 22 tot 25 van TEKS J.

Watter TWEE positiewe gevolge hou Cavernelis se dood vir Blanchie in? Hoe dra Blanchie se modelkontrak by tot Cavernelis se dood? (3)

**[25]**

## *MIS* – Reza de Wet

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

In die drama toon Konstabel se woorde en handelinge dat hy die grense tussen reg en verkeerd oorsteek om die vrouens te mislei.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| GERTIE: | Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie. Nooit 'n dankie of 'n asseblief nie. Niks. Maar wag, ek praat te veel. *(Skaam laggie)* Hete, waar is my maniere? Ek het my nog nie voorgestel nie. Ek is Gertie Vermeulen, liggaamsopvoedingjuffrou by die dorpskool. |
| KONSTABEL: | Bly te kenne. *(wys in die gangdeur se rigting)* Ek hoop tog nie ek het haar ontstel nie. |
| GERTIE: | Nee wat, Konstabel. In u werk draai 'n mens nie doekies om nie. As ons in ... doodsgevaar verkeer ... as daar 'n persoon ... of persone is ... wat ons bedreig ... dan is dit tog u plig ... om vir ons te sê. *(Maak 'n angsgeluid en druk haar hand teen haar mond)* |
| KONSTABEL: | Wat makeer, Juffrou? |
| GERTIE: | Aag, niks nie, Konstabel. Ek voel maar net so 'n bietjie ... duiselig. *(Hoë laggie)* So ja. Dis nou alles verby. Ja, Konstabel, as ek vir Miem so sien, is ek maar dankbaar ... Ek is nou wel 'n oujongnooi. Het geen kind of kraai nie. Maar miskien is dit tog beter so. Ja. Ek troos my daaraan. |
| | *Kort stilte.* |
| GERTIE: | En ... u, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Wat van my, Juffrou? |
| GERTIE: | Is u getroud? |
| KONSTABEL: | Nee, Juffrou. |
| GERTIE: | Ek sien. (*Stilte)* Is daar darem iemand spesiaals? |
| | *Die KONSTABEL glimlag en haal sy skouers op.* |
| GERTIE: | Dan vry u maar so in die bondel? |
| KONSTABEL: | Ja, Juffrou. 'n Mens sou seker so kan sê. |

17.1 Watter TWEE belangrike brokkies inligting deel Gertie aan Konstabel mee net voor haar woorde in reël 1? (2)

17.2 Hoe ondersteun reëls 1 tot 3 die tema van gevangenskap met betrekking tot Meisie en Gertie onderskeidelik? (2)

17.3 Die inligting wat Konstabel by die vrouens kry, help hom om sy planne in die afloop van die drama uit te voer.

Gee DRIE motiverings vir hierdie stelling. (3)

17.4 Motiveer waarom die neweteks/toneelaanwysings in reëls 11 tot 15 funksioneel is. (1)

17.5 Hoekom is Gertie se onderstreepte woorde in reël 17 ironies? (1)

17.6 "Ek sien." (reël 23)

17.6.1 Hoe ondersteun hierdie woorde van Gertie en Miem een van die temas in die drama? Gee 'n rede waarom dié woorde by die titel van die drama aansluit. (2)

17.6.2 Dink jy die woorde "Ek sien" is, binne konteks van die drama, 'n voorbeeld van dramatiese ironie? Motiveer jou antwoord. (1)

17.7 Herlees reëls 19 tot 25.

Hoe bring Gertie se nuuskierigheid haar by Miem in onguns? Gee TWEE bewyse uit die drama dat Meisie se nuuskierigheid haar ook by Miem in onguns bring. (3)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Wat makeer, Mevrou? |
| MIEM: | Dit is so lank laas ... lank laas ... dat 'n man vir my goeienag gesê het. (*Huil)* As ek hom net kon sien! Net een keer. Voor die dood ons skei. *(Kyk boontoe, sug sidderend)* Sewe jaar! Ek kan dit skaars glo. So gaan die tyd verby. *(Vee haar oë af)* Sien, dit is sy trots. Die familieplaas vir soveel geslagte. En toe kom die Depressie en hy verloor sy grond en elke vark, skaap en bees. Alles. Ons het net genoeg gehad om hierdie lappie grond te koop. Hierdie pondokkie. 'n Paar dae na ons ingetrek het, was hy skielik skoonveld. Ons het hoog en laag gesoek, maar eers dié aand wis ons (*kyk op, huilstem)* dat hy daar bó is. Hy het die solderdeur agter hom toegesluit en al het ons gesoebat en gesmeek ... hy het nog nooit weer sy verskyning gemaak nie. *(Sug diep en laat haar gesig in haar hande sak. Na 'n stilte lig sy haar kop en kyk na die KONSTABEL)* Ek moet erken, Konstabel ... om 'n man hier te sien ... dié tyd van die nag ... wel ... dit maak weer dinge in my wakker. Ja. Selfs 'n sieklike vrou van my jare. As 'n mens gewoond is aan ... *(Sy kyk weer op)* is dit moeilik om te bly, so sonder 'n man. |
| KONSTABEL: | *(simpatiek)* Ek is seker, Mevrou. |
| MIEM: | Laatmiddag het ons altyd gaan stap. Nooit veel gepraat nie. Hy het my arm vasgehou en aan sy pyp gesuig ... (*Sug)* Nou ja ... |

17.8 Hoekom is Konstabel so simpatiek teenoor Miem in reël 1? Met watter woorde in die drama beïnvloed hy die drie vroue onderskeidelik sodat hulle hul diepste verlangens teenoor hom openbaar? (4)

17.9 Het Gabriël se afwesigheid 'n negatiewe invloed op Meisie se maatskaplike milieu? Gee TWEE redes om jou antwoord te motiveer. (2)

17.10 Waar pas TEKS L in die struktuur van die drama in? (1)

17.11 Herlees reël 13 van TEKS K en reël 1 van TEKS L.

Hoekom spreek Konstabel die vroue so formeel aan? Dra die feit dat hy Meisie op haar doopname noem, tot haar karakterontwikkeling by? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**NOVEMBER 2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 57 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## RIGLYNE VIR NASIENERS

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien, mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself penaliseer. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. In 'n literêre opstel word argumente aangebied en ondersteun of illustreer deur na die teks te verwys.

9. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

10. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

11. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/ motivering/bewys verdien die punt.

12. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

13. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
        - relevante verduidelikings gemotiveer word./
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
        - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
    - Lees die opstelvraag 'n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken nie.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**

**" 'n vigslyer sterf" – Vincent Oliphant**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
    - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. 1 beeldspraak, stylfiguur en retoriese middel.
    - ❖ Kandidaat hoef nie aan te dui dis beeldspraak, stylfiguur of retoriese middel nie.
    - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

## ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| Beeldspraak: | | |
| **In versreël 1 kom 'n metafoor voor: die vigslyer se beenstruktuur word metafories gelykgestel aan die takelwerk/maste van 'n skip.** | Die beeldspraak dui daarop dat die houtmaste wat aan die skip struktuur gee en beweging moontlik maak/beenstruktuur wat die liggaam sy vorm gee en beweging moontlik maak, geleidelik agteruitgaan./aan dat die liggaam krag en effektiwiteit verloor wat tot gevolg het dat die liggaam/vlees ook tekens van verval begin vertoon. | Versreël 1: *die takelwerk word afgetakel* |
| **Die metafoor wat in versreël 2 en 3 gebruik word, dui op 'n gebou wat met dinamiet vernietig word.** | Dit dui op die vigslyer se liggaam wat, soos 'n gebou, ingeplof word, m.a.w. vernietig word. Die bekende liggaam se agteruitgang is so opvallend dat dit die spreker laat dink aan 'n gebou wat na binne inmekaar stort; dit kan daarop dui dat die liggaam wat bekend/geliefd is, vanweë die vigs wegkwyn/ toenemend minder word soos 'n gebou wat inmekaarstort. Dit verval. | Versreël 2: *stadig sien sy geliefdes hom inplof* |

| | | |
|---|---|---|
| **Versreël 4 bevat 'n metafoor: die menslike liggaam word gelykgestel aan "stof"** | Hier suggereer die beeld dat die mens so agteruitgaan dat die dood reeds sigbaar is, | Versreël 4: *hulle sien hom reeds stof word* |
| **wat op die vernietiging van die menslike oorskot nadat hy/sy gesterf het, dui.** | vandaar die gedagte dat die mens tot stof terugkeer – dié verval lei tot die dood. | |
| **In versreël 5 fokus die spreker op die lydende se voorkoms: sy/haar vel word metafories gelykgestel aan iets wat "bros", maklik breekbaar is.** | Die vel vertoon (waarskynlik) baie dun, wat aansluit by die aftakeling van die sieke. | Versreël 5: *iets wil huil oor die bros vel …* |
| **In versreël 5 kom personifikasie voor.** | Daar word genoem dat "iets", wat nielewendig is nie, "huil". | Versreël 5: *iets wil huil oor die bros vel …* |
| **In versreëls 5 en 6 tref ons 'n vergelyking aan: die "bros vel" vertoon soos 'n dun seil; iets wat verweer/ afgeleef is.** | Dit versterk die idee van die afgetakeldheid van die menslike liggaam. | Versreëls 5 en 6: *iets wil huil oor die bros vel wat soos dun seil oor brose stokke lê* … |
| **In versreëls 5 en 6 is sprake van "brose stokke" wat metafories verwys na die gebeente van die vigslyer: die vel span stywer om/oor die gebeente sodat selfs die beendere breekbaar lyk.** | Op die oog af is die vigslyer dus uitgeteer en swak. | Versreëls 5 en 6: *iets wil huil oor die bros vel wat soos dun seil oor brose stokke lê* … |
| **Sinekdogee kom in versreël 7 voor.** | Dis meer as die mond wat iets wil sê – die vigslyer wil praat. | Versreël 7: ... *oor die mond wat iets wil sê* |
| **Ook in versreël 13 kom sinekdogee voor.** | Die uitgeteerde vigslyer soek na raad, nie net die vigslyer se oë nie. | Versreël 13 tot 14: *... oë ... soek na raad* |
| Retoriese middele: | | |
| **In versreël 2 word voorop-plasing/voorplasing gebruik om die tydsaamheid van die siekte te beklemtoon.** | Die woord "stadig" word voor in die reël geplaas wat buite die normale orde is. | Versreël 2: *stadig sien sy geliefdes hom inplof* |
| **In versreël 3 tref ons herhaling/repetisie aan as die spreker alles wat in versreël 2 reeds aangedui is, herhaal.** | Die vlees wat "na binne stort", versterk die idee van 'n gebou wat ingeplof word – die aftakeling word dus beklemtoon. | Versreël 3: *die bekende vlees na binne stort* |
| **Die idee van breekbaarheid word in versreëls 5 en 6 herhaal.** | Die woorde "bros vel" en "brose stokke" beklemtoon die staat van agteruitgang en verval van die sieke se liggaam. | Versreël 5 en 6: *iets wil huil oor die bros vel wat soos dun seil oor brose stokke lê* |

| Stylfigure**:** | | |
|---|---|---|
| **Ironie kom in versreël 2 voor as die liggaam stadig inplof.** | 'n Mens verwag dat die inplof vinnig is, maar hier is die aftakeling juis stadig. | Versreël 2: *stadig sien sy geliefdes hom inplof* |
| **'n Eufemisme kom in versreël 4 voor.** | Die vigslyer se dood word sagter gestel deur na "stof" te verwys in plaas daarvan om na die dood te verwys. | Versreël 4: *hulle sien hom reeds stof word.* |
| **'n Hiperbool kom in versreëls 8 en 9 voor.** | Dit beklemtoon dat die vigslyer so siek is dat hy feitlik nie sy hand kan optel nie. | Versreël 8 en 9: *die gewig van lug is vir die hand te swaar* |
| **'n Eufemisme kom in versreël 15 voor.** | Die dood word as genadig beskryf. | Versreël 15: die genade van sag gaan |
| **Progressie/Regressie is in die agteruitgang van die vigslyer sigbaar.** | Hy/sy gaan toenemend agteruit: eers is die liggaam afgetakel, dan lyk dit of alles "inplof", daarna word beweging al moeiliker omdat selfs die optel van 'n hand te moeilik is en uiteindelik pleit net die oë nog om verlossing. | Versreël 2: *stadig sien sy geliefdes hom inplof*<br>Versreël 8 en 9: die *gewig van lug is vir die hand te swaar.*<br>Versreël 13: *net die oë bly groter staar* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"eerste worp" – TT Cloete**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Na die skepping/ontstaan van die aarde ✓ | 1 |
| 2.2 | Suid-Afrikaners/Suid-Afrikaanse inwoners/mense van (Suider-) Afrika ✓ | 1 |
| 2.3 | Ja<br>Die name ("beethoven of dante of rembrandt of bramante") word veralgemeen/ universeel/versterk die kunstenaarsberoepe/-prestasies/verskillende genres, nie noodwendig die individu nie./<br>Dit pas by die vrye vers. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE vir 'n antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Versreëls 7 en 8 beklemtoon watter groot name/kunstenaars ons nie het nie, waarna versreël 6 verwys. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Dit isoleer/skei die harde werklikheid van Suider-Afrika teenoor die romantiek/onwerklikheid van Europa./<br>Dit beklemtoon dat kultuur-/natuurrykdomme van die ander wêrelddele net 'n onwerklike droom vir "ons"/Suider-Afrika is./<br>Dit stel die eerste deel waaroor Suid-Afrika nie beskik nie, teenoor die tweede deel wat fokus op dit wat ons het./<br>Dit beklemtoon die sagtheid van Europa teenoor die harde werklikheid van Afrika. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele (Europa teenoor Afrika) vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.5 | Personifikasie ✓<br><br>Die beeld is geslaagd, want die woord "koets" dui iets van die son se felheid aan sodat die bome daarvan wil wegkruip./<br>Dit is effektief, want deur die woord "koets" te gebruik, word die beeld gevisualiseer wat dit treffender maak. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie antwoord dat die beeld nie geslaagd is nie.* | 1<br><br>1 |
| 2.6 | alliterasie/herhaling van die s-klank/halfrym/<br>assonansie/herhaling van a-klank/<br>eindrym ("nag" en "spotlag")/<br>klanknabootsing ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat verdien slegs EEN punt vir "halfrym" – lg. antwoord sluit alliterasie en assonansie in; die kandidaat kan EEN punt verdien vir "halfrym" en EEN punt vir óf "eindrym", óf "klanknabootsing".*<br><br>"fossielskreeu" ✓ | 2<br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"oupa Thomas Daniel Granfield" – Ronelda Kamfer**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die datum van "vandag"/Die feit dat dit die oupa se verjaarsdag (-datum) is ✓ | 1 |
| 3.2 | Die alleenplasing beklemtoon/dui die finaliteit van sy dood aan./die verwydering tussen die spreker en die oupa aan./die ewige stilte tussen hulle./dat die verjaarsdag nie meer gevier kan word nie./dat dit iets is wat in die verlede is./verby is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie punte vir 'n generiese antwoord verdien nie.*<br><br>**EN**<br><br>Die feit dat die oupa dood is, motiveer waarom hy nie meer kan verjaar nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 3.3 | Die oupa se kleinkind/kind wat nie van die oupa kon afskeid neem nie/kind wat nie by die sterfbed teenwoordig kon wees nie. ✓ | 1 |
| 3.4 | Die afwesigheid van leestekens versterk die onbeheersde gedagtes/losstaande fragmente/warboel in haar kop (wat die ontsteltenis uitbeeld/gemoedstoestand aandui./verwardheid aandui)./Dit dui op die spreker se haas/ongeduld om nuus van haar ma te kry./laat die versreëls vloei soos die stroom gedagtes oor wat met haar oupa verkeerd kan wees./dui daarop dat sy bang is vir die slegte nuus wat sy mag ontvang. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Dit **hef** die beeld wat in versreël 24 gebruik is **uit**./**beklemtoon** die teenwoordigheid van die dood./**ondersteun** dat sy steeds vir die waarheid wag./dat sy nog nie berusting/antwoorde het nie./die kleinkind se verwarring. (Nie net "verwarring" nie.) ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 3.5 | Ja<br>Dit (Die herhaling van "aanhou" in versreëls 34 en 35) versterk die gedagte dat die lewe oënskynlik normaal aangaan/sy vals moet wees/sy moet voorgee/sy net met haar lewe moet aangaan asof niks gebeur het nie (ten spyte van haar verwarde emosies). ✓<br><br>Dit (Die herhaling van "ek wou huil" in versreëls 42 tot 46) versterk die gedagte dat sy eerder wou treur./die onregverdigheid dat sy nie kon treur nie./nie die geleentheid gekry het om aan haar emosies uiting te gee nie./haar wêreld eintlik vir háár tot stilstand wou kom. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>"belowe dat ek okay sou wees" ✓ | 1<br><br>1<br><br><br>1 |
| 3.6 | (Baie) kinders/mense sukkel om geliefdes se dood te verwerk./met die uitsluiting van kinders by geliefdes se dood./wyse waarop mense geliefdes se dood verwerk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Die sagte sprong" – Sheila Cussons**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | "dit"/"Dit" ✓ | 1 |
| 4.2 | "vlugtig maar presies" ✓<br><br>*Indien die kandidaat die hele reël aanhaal, moet die frase/spesifieke woorde onder-streep/uitgehef wees.* | 1 |
| 4.3 | Ja<br>Dit skei die twee gedeeltes tipografies van mekaar./<br>Dit lei die verdieping na 'n geestelike/emosionele ervaring in./<br>Dit verwys na 'n tweede soort aanraking./tweede kenmerk van 'n sagte sprong./<br>Na die dubbelpunt volg 'n verdere verduideliking van die goddelike belewing./<br>Dit suggereer die progressie./<br>Die dubbelpunt is onverwags, net soos die aanraking onverwags is. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 4.4 | Vergelyking ✓<br><br>**EN**<br><br>Albei beelde dui op 'n sagtheid./ligtheid./breinfunksies./hou met die verstand verband./intellek. ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Die gebruik van v-alliterasie/alliterasie/<br>Die feit dat die woorde in versreël 10 na 'n aandagstreep voorkom./<br>Die herhaling van die woord "vreugde"./<br>Die afwesigheid van die voegwoord/Asindeton<br>Die herhaalde kommas/leestekens om die emosies in die reël te isoleer ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan*.<br>*Die verduideliking by "leestekens" verdien die punt.* | 3 |
| 4.6 | Die titel sê dis lig/sag/vlugtig/soos 'n veer/tref jou tot in die bewussyn, terwyl "vasvat" intenser is./iets konkreets is./<br>Die woord "vasvat" dui op stilstand wat met die woord "sprong" wat op beweging dui, kontrasteer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die kontras vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

**"die duister son" – Cas Vos**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Sonsopkoms/dagbreek/(vroeg-)oggend ✓ | 1 |
| 5.2 | Alliterasie/alliterasie van die s-klank ✓ | 1 |
| 5.3 | In versreël 1 word 'n vergelyking gebruik. ✓<br>In versreël 9 word 'n metafoor gebruik. ✓<br><br>Ja<br>Dit **dui op** 'n samevatting van alles wat in versreëls 1 tot 8 beskryf word./<br>Die woordspeling met "sonnige" **beklemtoon** dat dit oor die son handel./<br>"Sonnige" **versterk** die stemming/opgewektheid./<br>Die "sonnige man" **word geassosieer** met "bruidegom"./<br>Die "sonnige man se daggang" is effektief, want die roetine van die son (opkoms en saktyd) **word beklemtoon**. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br>1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.4 | Die dubbelpunt dui op die verklaring/verduideliking van die sonsverduistering/gebeure wat in versreëls 11 en 12 plaasvind./verklaring waarvan op 4 Desember 2002 berig is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord binne konteks aan.* | 1 |
| 5.5 | Die stemming in versreëls 11 en 12 is somber/swaarmoedig/morbied/depressief, terwyl die stemming in versreëls 1 tot 8 opgewek/vrolik/lig is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die kontras vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Die verminderde lig/donkerword/sonsverduistering lei tot somberheid/swaarmoedig-heid./'n morbiede/depressiewe/onheilspellende gevoel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 5.6 | "hy verloor in Luna se arms sy lig" ✓<br><br>Die son/man/bruidegom verloor sy lig as gevolg van die maan./<br>Sonsverduistering vind plaas./<br>Die maan skuif voor die son in./Dit word helder oordag donker. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Iris kikker die vervelige en onromantiese kêrels/mans in haar lewe op met haar eie skeppings – dikwels een of ander aantreklike, hubare man soos in storieboeke.** | Reeds as skoolmeisie romantiseer Iris oor 'n ander man wanneer Riekie by haar kom kuier. | Bl. 17: *Ek het hom oorgeskryf tot iets meer na my sin. Voor ek die aand moes uitgaan, het ek sy naam verander na Richard, uitgespreek Rigardt, ... Ek het sy bruin borselkop omgetower in golwende donker hare wat amper in sy nek gehang het ...* |
| | Wanneer Riekie haar probeer soen, vergelyk sy hom met haar fantasiekarakter, Richard. | Bl. 19: *Richard het teer maar intens opgetree, sy soene het my ruggraat vermurwe. Riekie, aan die ander kant, het net te menslik na my sin opgetree ...* |
| **In haar storieboeklewe raak Iris gou uitgekuier met van haar eie fiktiewe karakters, wat daartoe lei dat sy op grond van haar ervarings nuwe rigtings met haar storie inslaan.** | Elsa se swangerskap lei tot Iris se mees uitgebreide fantasie omdat sy Elsa as swanger vrou fassinerend vind, maar haar verbeeldingsvlug word onderbreek deur die geboorte van Elsa se baba. | Bl. 28: *Op pad terug huis toe in Pa se kar het ek weer aan Elsa gedink en so is 'n nuwe storie gebore. Die oues, met Richard in die hoofrol, was uitgewas en prikkelloos. ... Ná 'n week of twee van tob, het ek die storie begin aan die einde van die swangerskap. Daar was hierdie man, sien, 'n oujongkêrel, ryk genoeg en aantreklik, 'n Eduard eintlik ...* |
| **Die vrouekarakter, Greta, in Iris se storie word haar alter ego en beleef die avonture wat sy self moet ontbeer.** | Greta beland byvoorbeeld langs Eduard op 'n oorsese vlug, terwyl Iris se medepassasier haar grensloos irriteer. | Bl. 89: *"Ek kon sien dit gaan 'n lang vlug word aan die sy van hierdie grapmaker ... "* |

| | | |
|---|---|---|
| **'n Sterk vrou speel die hoofrol in Iris se fiktiewe skeppings met een of ander aantreklike man op die agtergrond.** | Dit is 'n teken dat Iris daarna smag om self 'n geëmansipeerde, selfstandige vrou te wees. | Bl. 29: *Sy bly alleen ... maar aan die ander kant is sy 'n moderne, geëmansipeerde jong vrou en mors nie te veel tyd met verwyte oor iets wat nie meer verhelp kan word nie.* |
| **Iris kikker haar eie saai, dikwels verbeeldinglose sleurbestaan op met haar fiktiewe stories.** | Omdat sy dikwels skryf oor iets wat sy nie self beleef (het) nie, probeer sy sekere onbelangrike inligting tot in die fynste besonderhede verfyn. | Bl. 31: *... op die onbenulligste punte, soos: wat het Greta gedra toe Eduard haar die eerste keer sien? Hoe was haar hare gekam?* |
| | Sy kies die werk by dokter Anders sodat sy haar lewe ongehinderd kan opkikker met fantasieë. | Bl. 52: *Maar terwyl die boor gesellig gedreun het en ek die slurppypie onder hulle tonge gehou het, kon ek voortgaan met my fantasieë.* |
| **Iris onderskei geleidelik tussen die werklikheid en fantasie.** | Wanneer sy vir Peter ontmoet, skrik sy aanvanklik vir die ooreenkomste met die fiktiewe Peter. | Bl. 36: *Die Peter wat ek ontmoet het, het nie veel van sy fiktiewe eweknie verskil nie. Dieselfde ruwe, ongekamde soort aantreklikheid, dieselfde selfversekering, ... hy aan my voorgestel word en ek hoor sy naam is Peter het ek geskrik.* |
| **Die stories wat Iris skep, illustreer haar eie romantiese en verbeeldingryke uitkyk op die lewe./Sy vind bevrediging in die dagdrome oor aantreklike jong mans en romantiese avonture in verre lande.** | Sy dwing haarself om nie aan die werklike Peter te dink nie deur haar in haar stories in te lewe. | Bl. 42: *Aan Peter en die vorige nag het ek nie gedink nie. Repressie, sou my lektor gesê het as hy geweet het.* |
| **Terwyl Peter in Amerika werk/wanneer Peter nie by Iris is nie, en Iris baie min van hom hoor, gryp sy na haar fiktiewe karakters.** | Sy doen dit omdat sy 'n behoefte aan sy ondersteuning het, want Eduard word 'n plaasvervanger vir Peter. | Bl. 59: *"Nie eintlik nie ..." (sy liefdeslewe het ooreenkomste getoon met Peter s'n, seker dié dat hy so simpatiek was) ...* |
| | Wanneer Peter weer kom kuier en haar vra om saam met hom Amerika toe te gaan, weier sy (aanvanklik); haar storie verdiep in dié mate dat Eduard en Greta uitvind hulle is lief vir mekaar – maar teen dié tyd bevredig die storie haar nie meer nie omdat Peter haar gedagtes begin oorheers. | Bl. 67: *Lank voor Eduard en Greta uitvind hulle is lief vir mekaar, was ek moeg vir hulle. ... Ek kon Eduard nie meer duidelik sien nie en het die hele storie uitgegooi en begin rondtas na 'n nuwe een.*<br>Bl. 78: *Die probleem met hom [Frederik] was dat hy na Eduard gelyk het. Hy was lank en donker: 'n prenteboekheld. ... Tussen hom en Claude het Eduard vir my 'n werklikheid geword, maar sonder Peter het ek verhonger. 'n Irriterende situasie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris gebruik stories om die werklikheid van haar eie spanning en onsekerheid te verdryf.** | Wanneer sy na Peter in New York op pad is en haar medepassasier haar irriteer, dwing sy haarself om Greta en Eduard se storie te hervat, hierdie keer langs mekaar op 'n lang, oorsese vlug. | Bl. 89: *... maar ek was nie lus vir praat nie. In plaas daarvan het ek 'n nuwe storie begin waarin Greta op 'n lang oorsese vlug langs Eduard beland en hoe hulle mekaar ontdek.* |
| | Met die verloop van tyd lei die oorweldigende alleenheid in New York daartoe dat Iris vir die eerste keer in 'n lang tyd weer aan Greta en Eduard se storie werk. | Bl. 110: *En die rede waarom hulle nou na vore kom, kon wees omdat ek alleen en skrikkerig in 'n vreemde plek was. Greta se habitat. Daarby was my eie Eduard vir my op daardie tydstip ewe vaag as Greta s'n. Ek het Peter bykans twee jaar nie gesien nie ...* |
| **Die behoefte aan fiktiewe karakters se romantiese ervarings raak later in die roman onnodig.** | Iris erken aan haarself dat sy lief is vir Peter omdat hy haar meer gee as die fiktiewe karakter en sy dus nie meer rede het om van haar werklikheid te (wil) ontvlug nie; sy is tevrede met haar lewe. | Bl. 161: *Eduard was 'n adolessente skim, moes ek teësinnig toegee, Peter was werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas.* |
| **In die plek van die verbeeldingswêreld neem Iris se werklikheid oor: sy begin drome oor haar eie toekoms droom.** | Iris probeer haar voorstel hoe 'n lewe saam met Peter, as sy vrou, sal wees. | Bl. 185: *Ek het my probeer voorstel hoe dit sou wees as ek en Peter trou. Hy wou damme bou en ek sou moes saam ...* |
| **Die behoefte aan 'n fiktiewe storieboekbestaan verdwyn heeltemal.** | Iris besef dat die werklikheid mooier is as haar fantasieë, gevolglik word haar fantasieë/ drome oorbodig. | Bl. 213: *Bowendien was geen denkbeeldige karakter opgewasse teen die harde, fisieke werklikheid van Peter nie.* |
| | Peter, die werklike mens, bevredig al Iris se behoeftes. | Bl. 213: *Hy was snaakser, warmer en meer dimensioneel as die spookbeelde waarmee ek my jeug omgedroom het.* |
| | Peter kan dus beskou word as die persoon wat die belangrikste rol in die vervaging van haar fantasiewêreld speel. | Bl. 220: *Om te moet kies tussen Peter en die voorvadergeeste is geen keuse nie.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Toe Elsa swanger was ✓<br><br>Die fiktiewe Peter se rol was net om die hoofkarakter/Greta swanger te maak./Peter is in 'n motorongeluk dood. ✓ | 1<br><br>1 |
| 7.2 | Iris aanvaar dat die regte Peter soos haar fiktiewe Peter gaan wees./<br>Sy aanvaar dat Peter 'n losbol is./baie meisies het./gewild is onder die meisies. ✓<br><br>Peter bly in Amerika getrou aan Iris./gaan in Amerika nie met ander meisies uit nie. ✓ | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Die feit dat haar naam 'n blomoomblik impliseer, maak die keuse tussen Peter en die modelkontrak moeilik. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Sy dink sy is doodgewoon/nie buitengewoon nie/minderwaardig, want Iris se pa spot (dat sy pers van kleur was/flappende hande en voete by geboorte gehad het) oor haar naam./<br>Sy dink sy vervul 'n ondergeskikte rol omdat die woordeboek aandui dat haar naam "in diens van hoëre gode" beteken./<br>Eers nadat Iris minder obsessief oor haar naam is, verbeter haar selfbeeld./<br>Sy soek na haar identiteit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.4 | (Na 'n vakansiehuis in) Vermont/Kanada ✓<br><br>**EN**<br><br>Die gesin wat saam met hulle in die huis bly, is gedurig in konflik met mekaar./<br>Die kinders en die pa se meisie kom nie klaar nie./<br>Bettie verval in selfbejammering a.g.v. te veel alkohol./<br>Bettie lig heeltyd die negatiewe uit oor haar verhouding met Brian. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.5 | Dit maak die roman geloofwaardig deurdat Iris as 'n mens met fanatasieë uitgebeeld word.<br>Iris word as 'n geloofwaardige/eerlike karakter uitgebeeld./<br>Dit berei die leser voor op die groeiproses in Iris tot by die punt dat sy nie meer fiktiewe karakters nodig het om haar lewe op te kikker nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE funksies vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Vir Iris is die Engel 'n werklikheid./iemand met wie sy gesprekke voer./vir wie sy opdragte gee./vrae vra./<br>Sy ontstel haar soms oor die Engel se optrede/gebrek aan optrede wat aandui dat hy nie 'n fiktiewe karakter is nie./<br>Haar storieboekkarakters word maklik in-/uitgeskryf, terwyl die Engel selfs aan haar ouma bekend was./nêrens uitgeskryf/ingeskryf word nie./<br>Iris erken self dat fiksie en werklikheid vir haar oorvleuel – die Engel is dus vir haar werklikheid./ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| | **OF**<br><br>Ja<br>Iris besef later dat die Engel net fiksie is, want hy word deursigtig wanneer hy (deur die pietersielieplant) op die vensterbank beweeg./<br>Die Engel merk teenoor Iris op dat sy hom in aardse terme wil ontleed. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.6 | Iris is 'n dromer/naïef/leef met haar kop in die wolke, terwyl Greta 'n praktiese/ realistiese karakter is./<br>Iris vlug van haar probleme af deur haar fantasieë, terwyl Greta self haar werklike probleme hanteer./oplos./<br>Iris is afhanklik van mense om haar/nie in staat om selfstandig te funksioneer nie, terwyl Greta onafhanklik is./weier om hulp van ander mense te aanvaar./<br>Iris is inskiklik/laat toe dat ander mense haar voorsê/manipuleer, terwyl Greta 'n sterker persoonlikheid het./vir Peter as klankbord/trooster optree. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE kontrasterende karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele van die kontras vir EEN punt aan.* | 3 |
| 7.7 | Iris was seker dat sy nooit wil trou nie/nie in 'n huwelik vasgevang wil wees nie, terwyl sy hier met Peter trou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei dele van die vooropgestelde idee vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.8 | Sy het Elsa se onromantiese klere tydens haar troue gekritiseer, maar by haar eie troue laat maak sy vir haar 'n trourok van (haar skoonma) se ou kantgordyne./dra sy 'n onromantiese trui bo-oor haar trourok./ ✓ | 1 |
| 7.9 | In die slot is die Engel ook op die agtergrond./In die slot sweef die Engel in die ondertuin./eenkant van Iris en Johanna./<br>Iris het nie meer die raad van die Engel nodig nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.10 | Voor die troue:<br>Die Engel beskerm haar nie van die konflik wat ontstaan het tussen haar en Peter as gevolg van Joe Pryor se modelkontrak nie./<br>Die Engel beskerm nie vir Iris teen die vuurhoutjiedosieman se slenter dat sy die rekening moes betaal nie./<br>Die Engel het nie gekeer dat Bettie "gif" drink nie./<br>Die Engel beskerm nie vir Iris toe sy haar enkel breek nie./<br>Die Engel faal vir Iris deur nie te voorkom dat haar enkel skeef aangroei nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE insidente vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Na die troue:<br>Die Engel beskerm nie vir Peter, haar man, toe sy oë in die sweisongeluk beseer word nie.<br>Die Engel erken dat hy nie vir haar/haar familie gaan beskerm teen hulle eie keuses nie, bv. die stoof afskakel/haar vang as sy van die dak gaan afspring nie.<br>Iris blameer die Engel dat hy nie haar familielede (Hannes) teen versoekings beskerm nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE insidente vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.11 | Ja<br>Hy gee haar raad om nie die man/haar skoonpa te treiter nie./as hy sê dat dit nie saak maak wat haar skoonpa dink nie.✓<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 7.12 | Iris benodig fantasiekarakters om haar gelukkig te maak./op te kikker./om te ontsnap van die werklikheid. ✓<br><br>Ja<br>Iris se werklikheid is mooier as die verbeelde werklikheid/lewe saam met Peter bevredig al haar behoeftes/wil nie meer van die werklikheid ontsnap nie wat Greta oorbodig maak. ✓<br><br>**EN**<br><br>Vir Iris was die Engel nooit 'n fantasiekarakter nie./was hy van jongs af deel van haar lewe./gesin./Sy het die Engel van haar ouma geërf./<br>Hy het nie haar tyd in beslag geneem nie. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1<br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Aanvanklik wil Baas niks met die plaaslike bevolking te make hê nie./voel Baas dat hy nie vir die plaaslike bevolking verantwoordelik is nie.** | Hy glo dat hy Manaka toe gekom het om sy oupagrootjie se (figuurlike) skoenlapper te vang. | Bl. 11: *... voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap.*<br>Bl. 127: "*Toe ek 'n kind was, het ek hom in my gedagtes gewed dat ek vir hom die skoenlapper sal kan vang wat hy nooit gekry het nie."* |
| | Hy is 'n alleenkind wat sy lewe lank met sy eie drome/lewe besig was. | Bl. 10: *Gedurende skool-vakansies roei hy dae lank met sy selfgemaakte blikskuit ... voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap.*<br>Bl. 103: *"In my lewe is daar nie plek vir 'iemand anders' nie."* |
| | Hy wil al sy aandag aan die bou van die boot wat toeriste op die Zambezirivier moet vervoer, wy. | Bl. 63: *"Hoekom dink jy lê die materiaal om my boot reg te maak vir byna 'n jaar onder die plastiekseile en vrot? Hoe-kom dink jy lyk ek soos ek lyk? ... Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef?"*<br>Bl. 43: *"Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."* |
| | Hy is wrewelrig/kwaad vir die plaaslike/swart mense wat hom kom lastig val omdat swart mense verantwoordelik was vir die moord op sy ouers./Hy het nog nie sy ouers se moordenaars vergewe nie, gevolglik wil hy nie met die plaaslike mense assosieer nie. | Bl. 63: *"Dink jy ek het Barotse-land toe gekom om verant-woordelik te voel vir almal se skete en kwale en honger-snood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Baas wil nie met ander mense assosieer nie omdat hy sukkel met sosiale verhoudings.** | Hy bly maande lank alleen in die veld op Sable Ranch om sy beeste te jag wat veroorsaak dat hy maande lank sonder enige sosiale interaksie leef. | Bl. 22: *"Jou pa en ma, die plaas wat jy verloor het, die beeste."* |
| | Hy dink hy kan op sy eie op Manaka oorleef./dat hy nie ander mense/die gemeenskap nodig het nie. | Bl. 137: *"Ek kom goed klaar sonder geselskap."* |
| | Hy dink sy verantwoordelikheid teenoor die plaaslike mense stop by die betaling van die konsessiegeld vir sy verblyf op Manaka. | Bl. 137: *"Jy is nie gewoond om jou lewe met ander mense te deel nie, is jy?"* |
| **Aanvanklik word Baas woe-dend wanneer ouma Essie of Grace suggereer dat hy na Manaka gestuur is./met 'n doel na Manaka gestuur is.** | Hy glo hy het self die besluit geneem om agter sy kinder-drome aan na Manaka toe te kom. | Bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie ..."* |
| **Baas ignoreer aanvanklik mense wat sy hulp vra, hoe-wel sy ingebore omgee vir ander mense veroorsaak dat hy hulle tog uiteindelik help.** | Hy is bewus van Manuel wat sy aandag probeer kry, maar Baas ignoreer hom lank voordat hy kortaf vra wat hy daar maak./hoe hy hom kan help. Wanneer hy wel begin géé, gee hy medisyne, sy tyd, sy aandag. | Bl. 29: *Baas weet dat hy hom gaan laat saamsleep*.<br>Bl. 29: *Hy staan op en loop terug na die hut waar die siek kind lê*.<br>Bl 30: *Ligdag gaan gee Baas vir die kind die laaste twee pille van die dosis*. |
| | Hy wil aanvanklik nie vir Grace malariamedisyne gee toe ou-ma Essie daarvoor vra nie, maar loop tog later in die nag om vir Grace die medisyne te gaan gee. | Bl. 43: *Hy het met die voet Mubuyu toe geloop, waar hy ouma Essie gehelp het om Grace chlorokien in te gee.* |
| | Hy sê vir Grace dat hy nie meer kos/medisyne het om die mense te help nie./sy moet die mense terugstuur na Mubuyu toe sonder om hulle te help wanneer sy geld opgebruik is. | Bl. 62: *"En dis hierdie soort ding wat my só gemaak het. Ek hét niks meer om te gee nie."*<br>Bl. 63: *"Ek is net heeltemal gatvol!"* |
| **Baas is kwaad omdat hy self nie medisyne het toe hy do-delik siek word a.g.v. malaria nie.** | Hy het die laaste pille wat hy gehad het vir Grace gegee. | Bl. 63: *"Hoekom dink jy lyk ek soos ek lyk? Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie?"* |
| **Sy siekte/afhanklikheid van ander se hulp om by die hospitaal te kom maak hom bewus van ander mense se bydrae om sy lewe beter te maak.** | Grace red hom van 'n gewisse dood deur hom Ngweze toe te laat vervoer sodat hy hospi-taalbehandeling kan kry. | Bl. 43: *Sy gooi water uit die skepkalbas oor sy gesig en vryf die koeligheid met die agterkant van haar hand deur sy baard. Hy hou sy mond oop en kry 'n bietjie gesluk.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Ouma Essie versorg sy diere terwyl hy (en Grace) in die hospitaal/Ngweze is. | Bl. 69: *"Die vrou verstel aan haar kopdoek en gaan dan voort om hondepille uit 'n papiersak in allerlei hol goed uit te skud ..."* |
| | Hy is te swak om iets te doen nadat hy ontslaan word, gevolglik doen Grace alles vir hom./sorg Grace vir alles wat gekoop en aangedra moet word./dat hulle vervoer het terug huis toe – wat hom met Whitey in kontak bring. | Bl. 61: *Sy dra die kartondoos waarin die patrone en die skroewe gepak is, op haar kop. Hy probeer haar help maar hy is te swak.* |
| **Baas leer by ouma Essie dat jy nie altyd onbetrokke kan wees nie./die Here laat bepaalde goed in 'n mens se lewe gebeur, ongeag jou eie voor- en/of afkeure./drome.** | Ouma Essie glo dat Manaka die plek is waar God lank gelede 'n vlammetjie (m.b.t. Christenskap) aangesteek het. | Bl. 105: *"Ek wou vir julle 'n bok laat slag maar hy is gesteel," sê sy. "Nou moet jy maar die hoender vat. Dit is om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het."* |
| | Wanneer Baas nie die sendelinge op sy werf wil hê nie, ontlont ouma Essie (en Grace) die konflik deur leiding te neem en opdragte uit te deel. | Bl. 118: *"Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry. Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees."* |
| | Ouma Essie sien in Baas iemand "wat wit is" wat daarheen "gestuur" is net soos die eerste wit man soontoe gestuur is. | Bl. 116: *"Die saadjie wat die Here by Manaka geplant het, is nie vandag of gister geplant nie."*<br>Bl. 117: *"Die man wat deur die Here uitverkies en gestuur is om die saadjie vir Hom te plant, was 'n jagter."*<br>Bl. 118: *"Dit was baie jare ná die buffeljagter verdwyn het, toe versorg die Here nog altyd sy plantjie."* |
| | Sy sien dat Baas 'n baie goeie hart het, daarom noem sy hom 'n Christen ten spyte van sy heftige ontkenning daarvan./ ontsteltenis daaroor. | Bl. 43: *"Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is 'n Christen."*<br>Bl. 91: *"Hy gee vir baie mense pille as hulle siek is. Hy gee ook kos vir die mense wat honger is. Hy is 'n goeie man."* |
| | Sy is oortuig dat Baas Manaka toe gestuur is om te sorg vir die voortsetting van die sendingwerk wat deur sy oupagrootjie begin is. | Bl. 118: *"En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Te danke aan ouma Essie se voorbeeld leer Baas om (soos die Lozi-tradisie/-kultuur dit vereis) aan almal goedheid en respek te bewys./vir almal om te gee – hy leer die Ubuntu-beginsel, want in Barotseland is mense op mekaar aangewese. | Bl. 42: *Toe sy baie siek was, het haar ouma Essie vir hom kom vra om te help.* Bl. 69: *Die vrou verstel aan haar kopdoek en gaan dan voort om hondepille uit 'n papiersak in allerlei hol goed uit te skud ...* Bl. 126*: "Ek is nie in Barotseland om welsynswerk te kom doen nie."* |
| **Die spanning tussen Baas en die khuta word op 'n ferm wyse deur Grace bestuur, wat Baas toenemend tot die insig bring dat hy nie alleen op Manaka kan leef asof ander mense nie bestaan nie.** | Grace leer hom die stam se tradisies en gewoontes./hoe belangrik respek in die Lozi-kultuur is./dat hy met sy houding die stampolisieman moet eerbiedig. | Bl. 97: *"In ons stam moet jy respek betoon."* Bl. 124: *"Miskien sal dit goed wees as jy jou hande klap," sê sy vir Baas. "Dit sal ook goed wees as jy gaan sit."* Bl. 108: *"Mister Baas was lo rich man toe hy hier gekom het. Daar was baie kos in die huis. Everything. Hy kon ook vir my tabak koop as hy Ngweze toe gaan. Hoekom lê hy nou hier in die modder? Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan."* |
| **Whitey help dat Baas besef dat hy reeds van geboorte af geroep is om mense te help./ by mense se lewens betrokke te raak.** | Whitey noem dat omgee 'n familiekwaal is waarvan hulle nie kan loskom nie. | Bl. 178: "*Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familiekwaal."* |
| | Baas onthou die voorbeeld van sy ouers: sy pa se kliniek op die plaas waar hy die inheemse bewoners van die omgewing verpleeg het – en ook uiteindelik sy lewe afgelê het in diens aan ander; die kerkie op die plaas waar verskillende godsdienstige byeenkomste gehou is. | Bl. 159: *Hulle het saans bidure gehou. Die bure het ook gekom en almal het saamgesing uit 'n groen Hallelujaboek.* |
| **Baas se toenemende kennis van die Lozi-kultuur/maniere/gewoontes (danksy veral Grace) veroorsaak dat Baas makliker instem om ander te help./by ander betrokke te raak.** | Hy versorg vir Sitali tydens sy ma se siekte./sterfte. | Bl. 190: *Baas haak die kombers los en gooi dit oor Sitali en sy hond.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Hy verwyder meneer Daaimon en Chisupo uit ouma Essie se hut tydens die ou vrou se siekte./sterfte. | Bl. 193: *Hy sit meneer Chisupo anderkant die as-hoop by die laaste kreme-tartboom neer.* |
| | Hy spreek meneer Kebbey aan dat hy sy ouma moet gaan help. | Bl. 189: *"Miskien sal dit goed wees as jy liewer gaan help met jou ouma wat so siek is."* |
| | Hy dwing Griesel om saam met hom die olifante te verjaag sodat die Lozi's se landerye nie verwoes word nie. | Bl. 155: *"Nou is hulle op pad na jou gemeentelede se lande toe. Dis 'n groot trop. As jy hulle nie keer nie, kan hulle 'n jaar se kosvoorraad verwoes."* |
| **Baas kom ook agter dat 'n mens 'n misplaaste droom kan hê – dat jou eie drome en die drome wat God vir jou het, nie noodwendig dieself-de is nie.** | Ouma Essie en Grace leer vir Baas dat sy eie drome, soos dié i.v.m. die boot, ook maar drome is wat God vir hom gee. | Bl. 93: *"Ook die ore wat die Here jou gegee het, is ge-maak om te hoor wat Hy graag wil hê jy moet hoor ..."* |
| | Ouma Essie/Grace leer vir Baas dat sy bootdroom nooit belangriker kan wees as sy verantwoordelikheid teenoor die mense van die gebied nie/sy roeping nie. | Bl. 228: *"Omgee, ja. Dis sendingbloed."* |
| **Die invloed van ouma Essie se woorde oor die Bybel bring Baas tot 'n verdere insig oor betrokkenheid by mense.** | Sy gee vir hom allerlei spesifieke tekste om in die Bybel te lees. | Bl. 184: *Sodat elkeen wat in Hom glo ... Kan 'n mens die ewige lewe hê en dit verloor?* |
| | Sy vra hom of hy die Bybel glo wat hom die eerste keer met sy eie geloofsekerheid kon-fronteer. | Bl. 210: *Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom ge-vra het nie?* |
| | Sy betrek hom by allerlei gods-dienstige geleenthede, bv. die ou vrou se begrafnis. | Bl. 210: *Ek het My laat vind deur die wat my My nie ge-soek het nie, het hy in Whitey se Bybel gelees. Ek het ver-skyn aan die wat na My nie gevra het nie.* |
| **Hy neem sy plek as gees-telike leier in./aanvaar sy rol in die gemeenskap./dat hy na Manaka gestuur is om in sy oupagrootjie se voet-spore te volg deur vir die mense te sorg, hulle lief en leed te deel en Manaka oop te stel vir gemeenskaps-byeenkomste** | Hy aanvaar verantwoordelik-heid vir die Lozi's wanneer hy begin om hulle geluk te ver-seker: hy "betaal" Johnnie se laaste lobola in 'n poging om Johnnie se vrou en kind van sy skoonouers vry te koop (waarmee hy uiteindelik ook op simboliese wyse sy oupa-grootjie se lobolaskuld betaal). | Bl. 205*: Een van die wildsbokke wat hy skiet, laai Baas by meneer Johnnie se skoonfamilie af.*<br>Bl. 239: B*y Manaka beduie hy vir meneer Johnnie in watter sloot die bul lê. Hy stuur hom om vir sy skoonmense te gaan sê dit is die losprys vir sy vrou en kind.* |
| | Hy bid by ouma Essie se siekbed. | Bl. 243: *"Dankie, Here. Amen," sê Baas.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Hy dui aan dat hy nie langer muluti Joseph se lyfband benodig nie. | Bl. 243: *"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."* |
| | Hy onderneem om die kerk se herstel te behartig wat suggereer dat Manaka (weer) 'n plek van samekomste en onderwysing sal wees. | Bl. 244: *"Die deure en vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Hy het 'n voertuig waarmee hy Baas na die hospitaal (kan) neem. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy probeer Baas omkoop vir 'n aandeel in die boot./probeer met Baas in 'n vennootskap tree m.b.t. sy boot. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.2 | Grace wil nie met hom trou nie./is bang dat Kebbey haar sal dwing om met hom te trou. ✓ | 1 |
| 9.3 | Hy dwing meneer Kebbey om die bok wat vir Baas-hulle bedoel is, te steel./vir hom te gee./<br>Hy verhinder mense/meneer Johnnie om Baas te help toe hy siek word./<br>Hy kap die boot se toue los sodat die boot wegdryf./<br>Hy steel by Baas diesel. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Hy laat toe dat Baas hom (sonder teenstribbeling) uit ouma Essie se hut dra./ spring in die vuur wat hy self gemaak het./beëindig sy eie lewe./<br>Hy besef die dood is verkiesliker as om deur Baas gekonfronteer te word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 3<br><br><br><br><br>1 |
| 9.4 | Ja<br>Afrika se bygeloof/rituele word deur Chisupo verteenwoordig./Dit pas by die Afrika-milieu waarteen die roman afspeel./waarbinne Baas sy plek op Manaka moet vind./<br>Hy verteenwoordig die bose teenoor Baas wat die goeie na die mense bring./<br>Hy dra by tot konflik/spanning op Manaka./<br>Sy optrede verskil van die tema van omgee/naasteliefde/Ubuntu/Christenskap wat juis die tema ondersteun.<br>Sy optrede kompliseer die intrige omdat Baas se boot verdwyn. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Sy teenwoordigheid/optrede/dade kontrasteer met Baas se dade van omgee/ naasteliefde wat verband hou met sy Christenskap./<br>Chisupo se negatiewe invloed beklemtoon juis hoe 'n groot behoefte die Lozi's aan Christenskap/ouma Essie se positiewe boodskap het./<br>Chisupo se boosheid beklemtoon dat Baas, wat niks van Christenskap wil weet nie, in wese 'n Christen is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2<br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.5 | Ouma Essie noem Baas 'n Christen, wat hom woedend maak omdat hy nie 'n Christen wil wees nie./'n godsdiensstryd voer./<br>Ouma Essie sê dat Baas met 'n doel na Manaka gestuur is, maar hy ontken dit heftig./ontken dit ten sterkste teenoor Grace en sê dat hy daar is om sy boot op die water te kry. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt aan.* | 2 |
| 9.6 | Dis 'n familiekwaal (volgens Whitey)./<br>Hy het sendingbloed/omgeebloed in sy are./<br>Hy is van nature iemand wat goeie dade verrig./inherent 'n Christen al ontken hy dit./<br>Sy ouers het vir hom die voorbeeld van gemeenskapsbetrokkenheid gestel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.7 | Sy afwesigheid maak dit moontlik vir Griesel om by sy hut in te breek./<br>Hy kan nie aan sy boot werk nie./<br>Vir weke na die siekte is hy liggaamlik swak./afhanklik van Grace/ander om hom te help./kan hy nie kos vir die honde gaan skiet nie./<br>Hy is aggressief teenoor mnr. Mosko./ignoreer die khuta se opdrag om aan hulle te verskyn. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.8.1 | Baas se oupagrootjie het die kanaal ontwerp./laat bou./<br>Dit was sy oupagrootjie se oplossing om verby die Ngonye-waterval te kan vaar. ✓ | 1 |
| 9.8.2 | Die boot (wat Chisupo probeer vernietig het) sit in die kanaal vas./het behoue gebly omdat dit in die kanaal vassit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.9 | Ja<br>Hy het nie geweet dat daar so baie sendelinge in sy voorgeslagte was nie./<br>Hy het gedink hy het sy familie in Suid-Afrika/Houtboschberg agtergelaat terwyl hy hier 'n nuwe famlielid ontdek./hy besef hy het ook ander familie./<br>Hy besef familie het mekaar nodig./staan mekaar by./<br>Hy besef sy familie het Lozi-verbintenisse. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 9.10 | Hy gee vir hom inligting oor sy regte van./sê vir hom dat sy van nie "Dennis" is nie, maar "Chipman".✓<br>Hy sê vir hom dat sy oupagrootjie 29 jaar in Barotseland gewoon het./presies hoe lank sy oupagrootjie in Barotseland gewoon het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy wys/gee vir Whitey hulle oupagrootjie se Bybel. ✓ | 1<br>1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.11 | Hy laat Sitali in 'n boom klim om die boot wat weggespoel het, te kry./kry die boot wat weggedryf het./ontdek die boot in die Liabwa la Twelve. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Baas besef dat omgee 'n familiekwaal is./<br>Baas besef dat hy 'n verantwoordelikheid as sendeling het./<br>Baas besef dat hy hom nie kan losmaak van familie nie./<br>Baas besef dat hy sy bootdroom steeds kan najaag./<br>Die feit dat Whitey die familiegeskiedenis uitlê, laat Baas besef dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor/verbintenis met die Lozi-stam het. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **[25]** |

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

## VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die mense van Vatmaar is arm aan aardse besittings en voorregte, maar vindingryk genoeg om te oorleef.** | Hulle kan nie huise bekostig nie, hulle bou huise met afvalmateriaal. | Bl. 9: *Hulle moes my help om die sinkplate van die dakke af te haal en om die beste hout, vensters en deure uit te breek en die beste huisraad, potte en panne bymekaar te maak. Chai het gesê dis vatmaar-goed.* |
| | Die Cape-Boys wat die Boere se huise moes afbrand, doen dit nie; hulle plunder die huise en vat die bruikbare materiaal; so kry die arm mense in Vatmaar huise. | Bl. 8: *Hierna moes daar nog vier plaashuise afgebrand word. Dié keer het om Chai ander planne gehad. Hy het mos geweet hoe om 'n witman te gebruik.* |
| **Hulle is ryk aan geestelike besittings/goeie kwaliteite.** | Daar is nie ongetroude swanger meisies nie. | Bl. 3: *Ek kan nie onthou dat ek ooit 'n swanger ongetroude meisie gesien het nie.* |
| | Ouers het nie voor kinders baklei nie. | Bl. 3: *... maar as onse ouers stry gekry het, het hulle vir mekaar gesê: Pas op, die bure hoor jou ...* |
| | Die mense van Vatmaar is eerlik./steel nie van mekaar nie. Hulle beskou dit nie as steel wanneer hulle ander mense se besittings gebruik het nie. | Bl. 90: *Onse voormense het nooit 'n woord vir steel gehad voor die witman gekom het nie.* |
| **Die mense van Vatmaar het die basiese waarde van respek uitgeleef.** | Die mense van Vatmaar behandel vroue met respek. | Bl. 92: *Ons het respekte vir onse vroue gehad en nooit 'n vrou teen haar sin gevat nie. Sy moes met 'n fees gevat word.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Armoede op Vatmaar noop die mense om mekaar te respekteer. | Bl. 238: *Ja, Suzan, geld kan byna alles koop, maar tog ook nie alles nie. En ons moet nooit die tye vergeet toe ons niks gehad het nie. Want daar was een ding waarsonder ons nooit was nie ...* |
| **Die mense van Vatmaar fokus eerder op wat hulle wel het as dit wat hulle nie het nie; die mense leef grootliks in dankbaarheid.** | Hulle het die gawe om dankbaar te wees vir die eenvoudige dinge van die lewe. | Bl. 192: *Tant Wonnie het baie dinge aanvaar as haar loon – tot die verlies van haar ses kinders, haar man en toe haar huis, het sy so gesien. Sy is aan die gang gehou deur die herinneringe aan haar geliefde Heinrich. Sy het nooit sy lyk gesien nie en as dit baie sleg gegaan het, het hy haar in haar drome, wat baie lewendag was, getroos.* |
| | Ta Vuurmaak se oupa het hom geleer van dankbaarheid. | Bl. 93: *'n Mens moet nooit die hand byt wat jou kosgee nie.* |
| | Ta Vuurmaak leef die gawe van dankbaarheid op 'n praktiese wyse uit. | Bl. 94: *Hy het omgedraai en vas aan die slaap geraak, sonder 'n bekommernis in die wêreld. Want hy het geleef van wat hy vandag gehad het sonder om aan môre te dink. Soos 'n opregte Griekwa.* |
| **Vatmaar-inwoners se geloof gee vir hulle rede om gelukkig/blymoedig/waardig te lewe ten spyte van hulle armoede.** | Geloof is vir die mense van Vatmaar die anker van hulle bestaan. | Bl. 238: *Ja, Suzan, geld kan byna alles koop, maar tog ook nie alles nie. En ons moet nooit die tye vergeet toe ons niks gehad het nie. Want daar was een ding waarsonder ons nooit was nie ... Onse Vader ...* |
| | Tant Wonnie leef in uiterste armoede, maar bly godsdienstig. | Bl. 128: *Sy het toe die Onse Vader begin opsê en gedink aan 'n groot-groot man in die hemele wat afkyk na die aarde en sien wat Sy skepsels doen.*<br><br>Bl. 128: *My God, het sy gesê en aan hom gedink as net haar eie God. My God, help my, asseblief.* |
| | Oom Chai kry die insig dat Vatmaar 'n sendingkerk moet kry sodat die babas en die kinders gedoop kan word. | Bl. 25: *Domanie, sê Oom Chai, ons in Vatmaar het rêrigwaar 'n sendingkerk nodig want daar is bybies en jong kinders wat nie gedoop is nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die mense van Vatmaar ken die kuns om hulle swaarkry met humor te verduur.** | Die mense van Vatmaar weet dat humor nodig is vir swaarkrytye. Oupa Lewies se begrafnis word 'n feesgeleentheid met vleis en 'n gedans. | Bl. 109: *Hulle was vrolik saam met die gaste. Hulle moes ook maar wees, want hoe kon die mense van Vatmaar op vol mage treur?* |
| **Vatmaar se inwoners het 'n eiewaarde wat verhoog word deur hul verbondenheid aan die Griekwa-kultuur. Dit lei daartoe dat hulle minder op hul armoede fokus.** | Ta Vuurmaak sorg dat die Griekwa-kultuur voortleef deur vir die jeug van die tradisies te vertel. | Bl. 85 tot 86: *Die oupa het 'n klomp stories oor die hottentotsgot vertel en ons kinders het daarvan gehou.* Bl. 86: *Onse Grootman van God, Heitsi Eibib, die boodskapper van Tsui, God van Alles, het Ta Vuurmaak op 'n ander dag gesê ...* |
| | Die mense van Vatmaar is veral gesteld op hulle taal, Afrikaans. | Bl. 100: *Ons het Saterdae net skool toe gegaan om die Onse Vader op te sê want, het Oom Chai gesê, dis in onse moedertaal: Afrikaans, onse huistaal, die taal van my ma en pa, geskep deur die slawe en arme Vlaamse soldate.* |
| **Hoewel die Vatmaar-inwoners swaarkry en armoede ten diepste ken, is hulle trots op dit wat hulle wel het.** | Van rommelstrooi op Vatmaar is daar nie sprake nie, want die mense is trots op die basiese wat hulle wel het. | Bl. 3: *Rommel rondgooi was daar nie. Elkeen van ons het 'n vuilgoedgat op 'n hoek van sy erf ...* |
| **Omdat werk skaars is en die mense van mekaar afhanklik is, help hulle mekaar deur werkskepping.** | By Ta Vuurmaak se steengroef hef hy die mense op deur aan die inwoners van Vatmaar werk te verskaf. | Bl. 22: Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene maak gesit. |
| **Vatmaar se mense staan mekaar by, help en versorg mekaar, ongeag van wie jy is.** | Oom Chai toon sy meegevoel met die heengaan van die ouma by die een plaashuis. | Bl. 8: *Hy het vir die jong vrou, wat nog altyd nie gehuil het nie, gesê: Miesies, dit is Miesies se eer om die ouma in die graf te sit. Sy het die vrou ingerol en die Onse Vader opgesê. Chai het dit saam met haar gesê.* |
| | Oom Chai bied aan om vir Ruth se trouklere te betaal. Niemand mag egter vir George daarvan sê nie. | Bl. 18: *Toe het ek stilletjies met een van haar tantes afgespreek dat ek vir haar geld sal gee om vir Ruth trouklere te koop.* |
| | Oom Flip ontferm hom oor Bet nadat sy deur Oubaas Steenkamp met 'n sambok geslaan is. | Bl. 52: *Toe sê hy: Bet, nou ken ek jou as jy lag en wanneer jy huil. Bet, het hy in 'n hartseer stem vol gevoel gesê, ek sal jou nooit laat huil nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Die mense van Vatmaar kan ook saamhuil, saamvoel, mekaar ondersteun wat lei tot besondere vriendskappe, bv. die liefde tussen oom Chai en George Lewis. | Bl. 42: *Toe het die twee ou vriende hulle arms laat sak en sonder om na te dink het elkeen sy kakiesakdoek uitgehaal en die ander se gesig afgedroog ... Die liefde ken geen grense nie.* |
| | Die mense van Vatmaar het liefde op 'n daadwerklike wyse uitgeleef, bv. Free-da se liefde vir Ma Koelie. | Bl. 24: *Sy liefde vir Ma Koelie het nooit oud geword nie en Vatmaar het dit geweet.* |
| **Hulle omstandighede dwing hulle om saam te werk ter verkryging van 'n gemeenskaplike ideaal.** | Armoede en/of diskriminasie verhoed die inwoners van Vatmaar om alles op 'n skinkbord te kry; hulle moet werk vir wat hulle wil hê. | Bl. 33: *Ons kan nie verwag om die kerksaal en sy staanplek verniet te kry nie. Ons is nie daaraan gewoond om dinge vir niks te kry nie. Ons het nog altyd gewerk vir wat ons wil hê.* |
| | Armoede veroorsaak dat die mense op Vatmaar as 'n span saamwerk om die kerk te bou./met goeie harte 'n saak aanpak. | Bl. 33: *Loop by elke huisgesin langs en hulle sal iets in die sakkie sit. Mense, gee met 'n goeie hart, het sy gesê, dit maak nie saak hoe min dit is nie.*<br>Bl. 36: *Vatmaar se mense het as span aan hulle sendingkerk gewerk. Die afbrekers is Saterdae na werk reguit na die kerksaal in die Pan toe.* |
| | Selfs wanneer hulle steel, doen hulle dit saam met ander. Oom Flip, Sus Bet, Siesie Lena en Janneman verkoop gesteelde diamante aan Mister Hall-Stone in die verwagting dat hulle dan beter sal lewe . | Bl. 78: *Die koper het vier stapeltjies van tweehonderd pond elk gemaak. Elkeen het 'n stapeltjie gevat. Bet het haar en Flippus se geld in sy knapsak gesit. Jy hou die geld, ek werk met dit, het sy gesê.* |
| **Die mense van Vatmaar weet as die een hand die ander was, word albei skoon.** | Die mense van Vatmaar deel wat hulle het; hulle ken nie selfsug nie. | Bl. 91: *Die witmense het gesê ons is wild, maar in onse wildgeit was ons bereid om te deel wat ons het. Ons het nooit gedink die wêreld is net ons s'n nie.* |
| | Tant Wonnie is behulpsaam: mense kon water skep by haar put sonder om te betaal./sy voorsien hulle van medisyne. | Bl. 111: *Maar Tant Wonnie se put en 'n paar ander het altyd water gehad en almal kon daar kom water skep.*<br>Bl. 111: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie, ook al het hulle haar reguit gevra. Sy het net gesê: Gee wat jy wil.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Oom Flip beoefen/wys mede-deelsaamheid deur vir Siesie Lena water te gee sonder dat sy daarvoor hoef te betaal. | Bl. 56: *Ek het vir Siesie Lena van jou vertel en sy het gesê jy het haar water en nog klein-geld ook gegee sonder dat sy jou gebetaal het, het Bet gelag.* |
| **Die inwoners van Vatmaar is trots op hulle eie bydraes/is vindingryk/dink altyd aan die ander ook wanneer planne beraam word om hulle eie omstandighede te verbeter.** | Armoede is nie vir Vatmaar se mense 'n verskoning om nie hulle bydrae ten opsigte van 'n projek te lewer nie./Hulle lewer 'n bydrae al is dit baie min. | Bl. 33: *Loop by elke huisgesin langs en hulle sal iets in die sakkie sit. Mense, gee met 'n goeie hart, het sy gesê, dit maak nie saak hoe min dit is nie.* |
| | Oom Chai kry die insig dat Vatmaar 'n skool moet kry waar kinders opvoeding in Afrikaans moet kry. | Bl. 97: *Oom Chai, onse sen-dingkerk se ouderling, het gesê die enigste betaling wat die gemeente vir die kerk-gebou wil hê, is lat die skoolkinders moet skoonmaak waar hulle gemors het.* |
| | Kenneth Kleinhans doen die aanvoorwerk vir die bou van 'n kliniek vir Vatmaar ter nagedagtenis aan Kaaitjie sodat Vatmaar se mense darem primêre gesondheids-dienste kan hê. | Bl. 298: *Om die herinnering aan my geliefde lewendig te hou, wil ek graag 'n kliniek as nagedagtenis aan haar bou.* Bl. 299: *Binne 'n maand was die kliniek klaar. Die buitemure was van rooi siersteen, met 'n staandak.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Vir 'n woonplek ✓ | 1 |
| 11.2 | Die intrekkers het die grond gesoen/gesê: Dankie, Here./<br>Daar is khadie/sjerrie gedrink./<br>Khadie/sjerrie is vir geluk op die grond gegooi./<br>Daar is op die vier hoekbakens urineer. ✓<br>*Die kandidaat bied enige antwoord vir EEN punt aan* | 1 |
| 11.3 | Die behoefte aan 'n eie eiendom/woonplek./Die afbakening van die eiendomlike besitting./die verklaring van persoonlike besitreg. ✓<br>**EN**<br>Wanneer hoekpenne ingeslaan word, verwag 'n mens dat die grond aan die eienaar sal behoort, maar hierdie mense het slegs verblyfreg gehad./die grond het steeds aan die dorpsraad behoort. ✓<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 11.4 | Die leser kan dink dat die meeste van die Vatmaar-inwoners ongeletterd/naïef is. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>**EN**<br>Tant Wonnie maak medisyne uit kruie./Tant Wonnie kan die mense van Vatmaar baie leer van kruie./<br>Boitjie Afrika skryf 'n brief om aansoek te doen vir 'n sokkerspan./begin 'n sokkerspan om die jongmense van Vatmaar uit die kwaad te hou./positief te beïnvloed./<br>Oupa Lewies as oud-Britse soldaat kan lees en skryf./skryf 'n dankbrief aan die dorpsraad. ✓✓✓ | 1<br><br>3 |
| 11.5 | Sus Bet verkoop gesteelde diamante. ✓<br>Ta Vuurmaak verskaf vir werklose mense werk./leer hulle leer om stene te maak (en homself so verryk). ✓<br>Bennie O'Grady steel skaapvleis. ✓ | 3 |
| 11.6 | Die dorpsraad van Du Toitspan maak nie vir 'n kerk in Vatmaar voorsiening nie./<br>Al die kerke is in Du Toitspan. ✓ | 1 |
| 11.7 | Ja<br>Tant Wonnie se fondsinsameling beïnvloed die gemeenskap positief./betrek almal by die bou van die sendingkerk./veroorsaak dat hulle die erf kan koop.<br>**OF**<br>Nee<br>Die geld wat ingesamel word, is heeltemal te min om 'n kerk te bou. ✓<br>**EN**<br>Materiaal vir die nuwe kerk moet deur die bouers in Du Toitspan gehaal word alvorens dit op die nuwe hoekerf gebruik kan word./<br>Die bouers mag nie onder die invloed van drank werk nie./<br>Oom Chai moet toesien dat alles op 'n Christelike manier gedoen word./<br>Die nuwe kerkgebou bly die eiendom van die moedergemeente in Du Toitspan. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.8 | Oom Chai is aanvanklik 'n hoogsgerespekteerde man in die gemeenskap, maar verloor die respek van die mense van Vatmaar na die huwelik./<br>Oom Chai trou aanvanklik met Bettie om sy broer se naam te beskerm/met goeie bedoelings, maar raak jaloers op die ander jongmanne./probeer homself jonk hou./vernietig homself./<br>Dinge waarteen Oom Chai sy lewe lank was, (bv. dans, die grammofoon,) raak skielik aanvaarbaar na sy huwelik met Bettie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan*. | 2 |
| 11.9 | Ja<br>Die armoede van die mense het veroorsaak dat hulle saamwerk/as "span" saamwerk ter verkryging van 'n gemeenskaplike ideaal./dankbaar is vir oorskietmateriaal om hulle eie kerk te bou./<br>Die gemeentelede/bouers leer die "Onse Vader" en "Nader my God by U " ken./<br>Die Vatmaar-bouers het baie in verband met bouwerk by Mineer du Plooy geleer./<br>Die Vatmaar-gemeenskap ontwikkel 'n trots op grond van hulle handewerk. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.10 | Alomteenwoordige verteller ✓<br>**EN**<br><br>Ja<br>Die verteller weet wat almal dink./oupa Lewies in sy gedagtes opsê. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.11.1 | Daar word 'n kerk gebou (van oorskietboumateriaal)./<br>Die kerk word vir 'n skool gebruik./Daar word vir die kinders skool gehou./<br>Daar word 'n kliniek geopen./<br>Daar word 'n sokkerveld aangelê. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 11.11.2 | Ja<br>Die mense betaal vir grond wat nooit regtig aan hulle behoort nie./<br>Vatmaar se mense is nie 'n erf toegestaan vir die kerk nie op grond van die Afrikaans wat hulle praat; dis onregverdige lyding op grond van ras./kleur./onregverdige uitbuiting.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**OF**<br>Nee<br>Daar is talle plekke in die wêreld waar mense vir eiendom betaal sonder dat die huis aan hulle behoort./dat hulle kaart en transport kry./Die feit dat Vatmaar se mense gebruikte materiaal kan kry bespaar hulle onnodige uitgawes. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[25]** |

## *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

## VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Greg is ruggraatloos (volgens sy pa).** | Uit die konflik met sy pa die aand voordat die nuwe skooljaar begin, blyk dit dat hy eintlik glad nie gemotiveerd is nie./planne het nie./nie selfversekerd oor sy toekoms is nie. | Bl. 48: *"Ruggraat! Kry een! Nie soos ..."* |
| **Greg is onseker van homself./het 'n baie swak selfbeeld.** | Dit is te verstane dat hy nie bulletproof is nie – sy pa se afbrekende kritiek/onmenslike eise/sy beheptheid met prestasie ontneem hom sy selfvertroue. | Bl. 98: *"My binnekant krimp ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie."* |
| **Greg is emosioneel kwesbaar.** | Hy is weerloos en herstel nie van die verlies van John se selfdood nie. | Bl. 56: *"Ek sou enigiets vir hom doen. Maar John het my niks gevra nie."*<br>*Bl. 66*: *"Ek het nie gehuil toe John dood is nie."* |
| | Hy laat toe dat Eckardt hom met 'n kyk soos dié van John manipuleer./Hy soek 'n plaasvervanger in Eckardt vir John. | Bl. 62: *En skielik voel ek asof al die bloed uit my lyf verdamp en my koud laat. Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n.* |
| **Greg is vatbaar vir versoekings.** | Greg besef hy is veronderstel om die bier in Eckardt se yskas te rapporteer, maar hy besluit daarteen, want Eckardt is belangriker as gehoorsaamheid aan die skoolreëls. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie altyd net veilig op die teerpad bly nie.* |
| | Hy volg Eckardt na die netwerkkamer en gee amper toe aan die versoeking om sy eie wiskundepunt te verander, wat bewys dat die grense tussen reg en verkeerd besig is om vir hom te vervaag a.g.v. Eckardt se invloed. | Bl. 113: *"Ek het lus om sy hand weg te stamp van die laptop en die punt te verander."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Hy is avontuurlustig.** | Die kuberkrakery gee hom dieselfde adrenalienskop wat hy saam met John ervaar het. | Bl. 193: *Maar vir die eerste keer sedert John se dood voel ek asof ek regtig lewe.* |
| | Daar broei 'n opgewondenheid in Greg asof dit 'n ekstreme sport is met die "potensiaal van gevaar" net agter die opwinding. | Bl. 99: *"Twee aande later crack ek Challenge 4."*<br>Bl. 107: *"Ek gaan kyk in my inbox ... en daar lê dit. Die password: dHg73sr*oe."*<br>Bl. 218: *... crack ek die on-line-winkel se site, kry ek die administrator password en dring ek deur na hulle server.* |
| **Greg dink hy is verhewe bo gewone mense se reëls./gee voor om te wees wat hy nie is nie./is vals./meerderwaar-dig.** | Hy gee voor om van onder-wysers te hou. | Bl*. 51: "Meneer hoef nie daar-oor te worry nie," glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie wanneer ek met onderwysers te doen kry.* |
| | Hy lieg vir sy ouers en Nicole oor die situasie/akademie by die skool. | Bl. 165: "*Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onder-skeidings betref.* |
| | Hy lieg vir TJ oor sy doen en late. | *Bl. 83: "Beauty sleep," lieg ek. Ek kan tog nie vertel van die email wat ek gestuur het nie.* |
| **Greg is arrogant.** | Hy besef hy is eintlik net sy pa se "skouperd", daarom kies hy 'n vreemde kuberkraaknaam, wat die illusie van beheer en weerbaarheid skep, naamlik G-4ce. | Bl. 88: *"G-Force," sê ek triom-fantlik.* |
| | As sersant Botha hom vra of hy in matriek is, voeg hy by dat hy hoofseun is. | *Bl. 103*: *"... Lawson se hoof-seun." Flippit, hoekom het ek nou dit gesê?* |
| **Hy is skynheilig.** | Hy kritiseer sy pa se optrede teenoor mense, maar tog han-teer hy mense net so lelik soos sy pa. | *Bl. 51: glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie ...*<br>Bl. 73: *"Whatever, nie ons soort mense nie, soos my pa sal sê"* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg is onseker oor sy lewe na matriek./ongemotiveerd.** | Dit blyk uit 'n gesprek met Eckardt wanneer hy erken hy weet nie eers wat hy wil studeer nie; so bv. is Greg intens bewus van sy pa se druk om hom Universiteit van Kaapstad toe te stuur, terwyl hyself eerder sommer net 'n jaar of twee oorsee wil gaan of eerder Potch toe wil gaan. | Bl. 99: *"Hoe moet ek weet wat ek vir die res van my flippen lewe wil doen?"* |
| | | Bl. 99: *"Miskien moet ek oor-see gaan. Net so vir 'n jaar of twee."* |
| **Hy is naïef omdat hy hom nog nie voorheen met die verkeerde dinge bemoei het nie./beskermd grootgeword het.** | Greg se betrokkenheid by kuberkrakery lei tot sy onver-antwoordelikheid. | Bl. 77: *Die antwoord vra kon-kelwerk. Die skool wil nie hê ons moet ons ouers vertel nie*. |
| **Sy mensekennis is swak.** | In sy soeke na 'n plaas-vervanger vir John wat sy sekuriteit was, maak hy die verkeerde vriende. | Bl. 62: *Alles presies net soos my broer s'n. Net soos John.* |
| **Hy is onvolwasse./jaloers.** | Nicole is vir hom 'n besitting, want sy is mooi en 'n rykmanskind. | Bl. 45: *Hoe sal ek weet dat sy getrou is aan my?*<br>*Bl. 44: Hoe weet ek wat sy in Jozi aanvang?* |
| **Greg is onverantwoordelik./ argeloos.** | Hy skeep sy skoolwerk en hoofseunpligte af om hom te verdiep in goed wat totaal verkeerd is. | Bl. 99: *"En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets."* |
| **Greg is onseker/soekend.** | Hy wonder of die grootste les wat geleer moet word, die een is dat jy die lewe sonder 'n baadjie wat bullet-proof is, moet aandurf. | Bl. 66: *Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bullet-proof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hart-seer?* |
| **Greg openbaar 'n gebrek aan dissipline.** | Greg se rebelse houding spruit juis uit sy bewussyn dat hy as mens niks beteken nie./dat hulle almal "clones" is./dat hulle deur hul pa's en die skool gebreinspoel word. | *Bl. 70*: *"Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê."* |
| | Hy kom in opstand teen Dok Pienaar./weier om rugby te speel omdat Dok Pienaar niks aan Eckardt se verdwyning doen nie. | Bl. 76*: "En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg bevraagteken sy eie leierskapvermoëns.** | Hy besef dat niemand hom volg nie en daarom voel hy nie meer soos 'n leier nie. | Bl. 76: *"Nie een van die ander ouens het saam met my ge-staan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?"*<br>Bl. 165: *Loser. Daardie woord krap nog en dit voel ál nader aan die werklikheid. En ek moet die skyn voorhou dat alles oukei is.* |
| **Hy het nie mensekennis nie.** | Hy vertrou Eckardt onvoor-waardelik omdat hy nie mensekennis het nie./laat toe dat Eckardt hom manipuleer. | Bl. 196: *Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou 'n graaf in die hand en jy moet dieper grawe.* |
| | Hy dink hy kan nie uitgevang word nie. | Bl. 211: *"Jy het nie gedink dat hackers ook gehack kan word nie, nè!"*<br>Bl. 211: *"Jy is toe nie so bright soos jy gedink het nie, nè?"* |
| **Greg is 'n soeker./identiteit-loos.** | Hy het altyd in John se skaduwee geleef en dan erken hy dat hy glad nie "bullet-proof" is nie./dat hy 'n wanpersepsie oor homself het./hy is nie wat hy gedink het hy is nie. | Bl. 225: *"Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie," sê hy sag.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan | | |

**[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Sy pa vra wat sy planne vir die jaar is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.2 | Ja<br>Albei is ongenaakbaar./outokraties./manipulerend./verwag net prestasies./blinde gehoorsaamheid./<br>Albei neem nie Greg se mening in ag nie./tree oneerlik teenoor hom op. ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Hulle laat Greg nie verdwyn nie, maar hulle is betrokke by/dra kennis van die regter se verdwyning./<br>Hulle koop Greg nie om nie, maar koop die regter wel om.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Hulle is teenoor albei ongenaakbaar./outokraties./voorskriftelik./onsimpatiek./ manipulerend. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1<br><br>1 |
| 13.3 | Greg skakel met Turret Media om Eckardt se verdwyning te laat uitlek./Hy stuur 'n anonieme e-pos aan hulle. ✓<br><br>Greg se pa gebruik dit om sensasie te wek met betrekking tot die voëlgriep./reklame vir die entstof. ✓<br><br>Greg se pa se finansiële wanbestuur lei tot Turret Media se ondergang. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.4 | John pleeg selfdood./laat Greg alleen./<br>Na sy dood moet Greg alleen die prestasiedruk van sy pa verwerk./<br>Greg het gedink hy en John het 'n vertrouensverhouding, maar John het hom nooit in sy vertroue geneem om sy situasie te bespreek nie./<br>Hy (John se pa) koester hoë verwagtinge van John, maar toe pleeg John selfdood./ laat John se selfdood hom sonder sy "skouperd". ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.5 | Greg word maklik (deur Eckardt) by sosiale manipulering betrek./Eckardt weet presies hoe om Greg te benader./te manipuleer./Eckardt het min moeite om Greg by sy planne te betrek./<br>Greg ontbloot sy pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme./Sy pa word as misdadiger ontbloot./<br>Dit skeur die gesin uitmekaar./<br>Greg se pa sal vir sy dade/betrokkenheid by misdaad vervolg word./tronk toe gaan./<br>Greg/Sy ma/Hulle vind uit van mnr. Owen se finansiële verknorsing./<br>Greg sal vir sy kubermisdaad moet boet. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

<table>
<tr><td>13.6</td><td>Ja<br>'n Matrikulant behoort al verantwoordelikheid te hê./moes vir homself doelwitte in die lewe gestel het./<br>As hoofseun kan 'n mens verwag dat hy sy planne vir die volgende jaar agtermekaar moet hê./<br>Greg moet in matriek al sy geleenthede aangryp om van sy lewe 'n sukses te maak./<br>Greg se pa het die reg om te weet wat hy die volgende jaar wil doen.<br><br>OF<br><br>Nee<br>Greg is reeds 'n toppresteerder./uitstaande sportman./hoofseun./<br>Dit is nie geregverdig dat hy Greg as 'n plaasvervanger vir John sien nie./<br>Dit is nie geregverdig om soveel druk op Greg te plaas om te presteer nie./<br>Aangesien hulle as gesin vir John verloor het, sal 'n mens verwag dat hy meer tegemoetkomend/ondersteunend/begrypend teenoor Greg sal optree./<br>Greg is nog net 'n skoolseun wat sy lewe moet geniet./<br>Greg se pa is self ruggraatloos/onverantwoordelik, want hy aanvaar nie die gevolge vir sy eie dade nie./hy hou hom met misdaad besig. ✓✓<br><br>Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.<br><br>EN<br><br>Greg kom nie sy pligte as hoofseun na nie, want Kwanele moet sy kerkdiens doen./<br>Greg tree kunsmatig/gemaak vriendelik teenoor sy onderwysers op, want hy het 'n "fake smile"./<br>Hy draai sy rug op sy skool/rugbyspan deur nie die belangrike wedstryd te speel nie./<br>Greg versuim sy plig as hoofseun om die bier wat Eckardt hom aanbied te rapporteer./Greg gee toe aan druk as hy die bier in Eckardt se kamer drink./<br>Hy swig onder versoekings./gee toe aan druk van Eckardt om betrokke te raak by kuberkrakery./misdaad./<br>Hy verbreek die skool se tradisie deur vir Eckardt uit die tonnel te trek./<br>Hy skeep sy skoolwerk af./<br>Greg vervals sy April-rapport.✓✓<br><br>Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde (wat op handeling dui én die familie-/skoolnaam benadeel) vir EEN punt elk aan.</td><td>2<br><br>2</td></tr>
<tr><td>13.7</td><td>Die leerders moet daagliks daarvan bewus gemaak word dat hulle ook beroemd kan word./hulle moet ook eendag baanbrekers in hulle beroepe wees./<br>Dit sluit aan by die skool se leuse om lig te maak./'n verskil te maak in die wêreld. ✓<br><br>Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.<br><br>EN<br><br>Hy wil soos 'n baanbreker erken word, terwyl hy 'n loser is./besig met misdaad is./sy akademie afskeep./'n Mens sou verwag dat Greg hard sou werk om 'n baanbreker te word, maar hy het nog altyd aan sy akademie aandag gegee net omdat sy pa hom druk./<br>Hy is meerderwaardig/krities/negatief teenoor die skool se pogings om die leerders positief te beïnvloed, terwyl 'n mens sou verwag dat hy dit moet ondersteun./<br>Hy het behoefte aan erkenning, maar eintlik kompeteer hy steeds met die nalatenskap van John./wil benoem word soos John, terwyl hy eintlik niks positiefs doen om 'n merk te maak nie./om dit te verdien nie. ✓✓<br><br>Die kandidaat bied enige TWEE ironieë vir EEN punt elk aan.<br>Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.</td><td>1<br><br>2</td></tr>
</table>

| | | |
|---|---|---|
| 13.8 | TJ het dit wat Greg hom vertroulik meegedeel het t.o.v. Eckardt se hacking aan die polisie bekend gemaak. ✓ | 1 |
| 13.9 | Sy is in twee geskeur, want sy moet kies tussen haar man en haar seun./<br>Sy moet haar man ondersteun/by hom staan ten spyte van sy bedrog/vals-heid/skynheiligheid/misdaad./<br>Ma is van mening dat haar man 'n harde werker is, nou wroeg sy daaroor dat haar man aan die korrupte Project Nursery Rhyme aandadig is./meewerk aan mense/John se dood./dat geld vir hom belangriker as waardes is./<br>Ma is oortuig van geld as haar sekuriteit, maar met 'n skok kom sy agter hulle toekoms is finansieel onseker./hulle kan dalk alles verloor./<br>Sy treur oor haar kind, maar sy bly haar ken lig wanneer sy tussen mense is./<br>Sy moet die pa bel om hom oor Greg se aktiwiteite in te lig, maar sy sug, sak vooroor op die tafel, is bang vir sy reaksie./<br>Sy hou haar ken hoog as sy tussen mense kom. Hulle weet nie hoe naby haar pyn nog lê nie, maar Greg sien hoe sy huil./skuldig voel./as sy voorgee sy lag. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die konflik vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Sy weet nie wat die waarheid (oor John se dood) is nie./of haar man tronk toe gaan nie./wat die toekoms vir hulle inhou nie./<br>Sy besef dat Greg aandadig is aan die feit dat haar man aan die pen moet ry./<br>Greg se toekoms is ook onseker. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 13.10 | Verlies ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy drink bier saam met Eckardt in sy kamer./hy rapporteer nie die bier in Eckardt se yskas nie./<br>Hy breek by die netwerkkamer in./<br>Hy kom nie sy hoofseunpligte na nie./<br>Hy weier om rugby te speel./<br>Hy bevraagteken die hoof se besluit om nie na Eckardt te soek nie./<br>Hy steur hom nie aan die ligteuitreël nie./<br>Greg kontak die media ten spyte daarvan dat die hoof enige kontak met die media verbied. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 13.11 | Ja<br>Sy ma kom haal hom by die polisiestasie om hom te beskerm./om hom na veiligheid te neem./wil hom uit die skool haal omdat sy iets beters vir hom beoog.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Greg word hier die versorger/beskermer/vertrooster van sy ma. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.12 | Akademies verwag hy om onderskeidings te kry, maar op die oomblik druip hy wiskunde./is hy ver van onderskeidings./<br>Hy verwag 'n positiewe jaar/waar hy as hoofseun gaan floreer, maar hy word gekonfronteer met 'n skoolhoof/'n pa se misdadigheid./sy eie betrokkenheid by die kuberkrakery./<br>Hy kom by die skool aan as rolmodel, maar hy is 'n nou 'n *loser.*/baie ongewild./<br>Aan die begin is dit 'n spogskool waarheen hy gaan, maar op hierdie stadium is hy verantwoordelik daarvoor dat die skool se beeld afgebreek word./dat die skoolhoof gearresteer word./<br>Greg dink niks kan hom onderkry nie omdat hy "bullet-proof" is, maar nou staar hy arrestasie in die gesig. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

## ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Map se woorde:** | | |
| **Map se woorde dui aan dat hy bewus is van die verskil tussen reg en verkeerd.** | Hy erken dat hy bewus is van die kwaad wat hy aangevang het. | Bl. 9: *En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie ... Ek wiet sy't ook altyd skelm ge-kom, sonner lat haar mense wiet ...* |
| | Hy vra om verskoning vir wat hy gedoen het, wat bewys dat hy bewus is van sy verkeerde keuse. | Bl. 9: *Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê, ek is jammer oor dit alles ...* |
| | Wanneer hy twyfel of sy ma hom glo, erken hy die invloed wat sy keuse om vroeër die grens na die verkeerde oor te steek, op sy verhouding met sy ma het. | Bl. 9: *Ek het ge-change hierso in die tronk in.*<br>Bl. 9: *Ek is jammer, maar Ma moet my glo. Ma móét my gló!* |
| **Map se woorde dui ook op die verkeerde dinge wat hy saam met sy bende aange-vang het, wat uiteindelik die oorsaak was van sy tronk-straf en sy ma se stomheid./ sy sussie se dood.** | Hy was so egoïsties dat net sy behoefte aan identiteit veroor-saak het dat hy toegegee het aan die vleitaal van sy bende-lede./As bendeleier het hy toe-stemming gegee dat sy bende-lede ander mense beroof en besteel./Uiteindelik het hy ingestem dat hulle vroue mag verkrag./Hy noem dit "al die dinge van die verderf, al die dinge van die hel ..." | Bl. 32: *Ek wiet wat gebeur het, al die dinge van die verderf, al die dinge van die hel ...*<br>Bl. 32: *'it was donker. Ons het geld gesoek.*<br>Bl. 33: *Toe gie ek in.*<br>Bl. 34: *Ek swaai hom net van haar af, en ek stiek hom ...*<br>Bl. 34: *Kleinmeisie het net daar gelê. Sy't nog half gelewe, maar sy was klaar dood gewurg.* |
| | Hy erken dat hy hom met ver-keerde vriende bemoei het, mense wat net die verkeerde gedien het. | Bl. 32: ... *kan jy glo, Ivan Philander het my beste vriend geword?!* |

| | | |
|---|---|---|
| | Map se woorde dui daarop dat hy kies om die regte keuse te maak wanneer hy self polisiestasie toe gaan en gaan bely dat hy vir Ivan Philander doodgesteek het. Hy kies die eerbare uitweg en doen wat goed is. | Bl. 35: *Is ék, ja ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ...* |
| **Map se woorde dui daarop dat hy vir 'n laaste keer die verkeerde keuses wat hy uitgeoefen het, moet bely in 'n poging om vry te kom.** | Hy vertel vir sy ma van die opdrag van Miss Africa om teenoor iemand wat hy vertrou, sy skuld te bely./Hy moet die verkeerde keuses wat hy uitgeoefen het, uitpraat./Dis iets waarvoor Map nie kans sien nie – hy kies dus die regte manier van doen nog net ten dele. | Bl. 11: *Miss Africa, sy sê ek moet ytpraat moet iemand, ek moet once an' for all vir iemand wat ek kan trust, sê exactly wat gebeur het daai nag ...*<br>Bl. 11: *Ek kán nie, dis ou dinge, so hoekom ...*<br>Bl. 12: ... *destyds het jy dit vir die judge ge-vertel, Map Jacobs, so jy was ge-fórce ...* |
| | Map noem aanvanklik die raad van die sosiale werker "nonsens" – dit pas hom om nie weer oor sy dade te praat nie, want so hoef hy nie die verkeerde waarmee hy hom bemoei het, te konfronteer nie. | Bl. 12: *Maar die social worker, sy praat ... mos ... dis mos nonsens, Ma. Hoe kán ek weer ...*<br>Bl. 12: *Maar Apostel George sê ook vir my, Miss Africa is reg ...* |
| **Map se woorde dui aan dat hy bewus is van die verskil tussen regte en verkeerde keuses.** | Map se sin vir regverdigheid kom na vore in sy woorde wanneer hy noem dat hy begrip het vir Blanchie se optrede./wanneer hy sê dat hy haar nie verkwalik omdat sy wegbly nie. | Bl. 9: *... maar ek verkwalik haar nie ...* |
| | Map vertel van die moontlike parool, wat impliseer dat hy die in die tronk reeds regte keuses gemaak het. | Bl. 9: *Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom ...* |
| | As Map noem dat hy en die Apostel saam bid/dat hy die Here daar in die tronk gekry het, probeer hy beklemtoon dat hy voortaan die regte keuses gaan maak. | Bl. 10: *Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hý het die Here vir my gebring ...* |
| **Dis duidelik uit Map se woorde dat hy wéét dat hy moet kies om die regte dinge te doen.** | Uit Map se woorde blyk dit ook dat hy vir Cavernelis vergewe, terwyl dit vir hom belangrik is om met Blanchie versoen te raak. | Bl. 11: *Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, maar sê vir hom ek het ge-veranner, Ma ... Hy hoef nie meer te worry oor my moet Blanchie nie ...*<br>Bl. 11: *Ek het vir Uncle Cavernelis alles vergewe ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | Map bely dat Cavernelis reg was: dié het gedink dat Map "rubbish" was – Map erken dat hy dit inderdaad was, maar pleit dat hy anders geword het./dat hy nou kan onderskei tussen regte en verkeerd keuses. | Bl. 11: *Hy't later gedink ek is rubbish, ek wiet. Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!* |
| **Map se bekering in die tronk is 'n duidelike bewys van hoe hy die verkeerde dinge aflê om die regte leefwyse te volg.** | Hy kies die regte bo die verkeerde keuses: hy bely dat die Here se redding die gevangenis vir hom sal oopbreek. | Bl. 25: *Ek het vir Blanchie gesê, Hy breek die gevangenis vir my oop!*<br>Bl. 25: *Maar die Here Jesus sal my help!* |
| | Onder leiding van Apostel George bely Map dat hy wit klere dra; dis 'n verwysing na die nuwe Map wat hom nie langer met die verkeerde keuses gaan maak nie. bemoei nie. | Bl. 26: *Ek het die wit klere aan, ek weet!*<br>Bl. 27: *Ek hoor die stem ...*<br>Bl. 27: *Vergewe my, God! Ek was so vuil, Here ...* |
| | Uiteindelik bely Map sy skuld./ Hy kies om bevry te word van die gevolge van die verkeerde leefwyse deur presies te vertel wat die aand voor hy tronk toe is, gebeur het./Hier kies Map die waarheid bo die leuen./Dis 'n duidelike bewys hoe sy begeerte om die regte ding te doen die oorhand oor die verkeerde keuses kry. | Bl. 29: ... *lat ek moet ýtpraat, om die exact waarheid van daarie aand te vertel ...*<br>Bl. 29: ... *en 'it was verskriklik, my God, en 'it was vuil, en 'it was afskuwelik, maar die Here, Hy het my vergewe ...*<br>Bl. 29: *Ek kan sien lat ek moet vertel, die Lig yt die Hemel yt sê dit my, kyk ... Die Lig!* |
| | Wanneer Map pleit om vergifnis, kies hy in ondubbelsinnige woorde die pad van die Lig, die regte pad. | Bl. 30: *Hier is ek, Map Jacobs, skullag is ek, Here, en laag en vuil en vieslik, veranner my, change my, Here!* |
| **Map se woorde dui toenemend daarop dat sy sin vir wat reg is belangriker is as die verkeerde: so bewys hy dat sy eie bekering nie net lippetaal is nie.** | Map smeek God en sy ma om vergifnis – sy woorde dui aan dat die goeie uiteindelik seëvier. | Bl. 35: *So God vergewe my ... en Ma ... en Blanchie ...* |
| **Map kies om die goeie keuse permanent te maak wanneer hy Blanchie vergeef.** | Wanneer hy die geleentheid kry, vergeef hy Blanchie ook haar optrede met die wit mans in die wete dat hy net soveel skuld het. | Bl. 60: *Nee! ... Jy's ... goed ...*<br>Bl. 60: *Dis ek wat sleg is ... Dis ... ek ... Blanchie ...*<br>Bl. 60: *Jy is ... mooi ...* |

| **Map se handelinge:** | | |
|---|---|---|
| **Map se dade is 'n aanduiding van hoe maklik dit is om die verkeerde goed te doen ten spyte daarvan dat hy eintlik die regte goed wil doen.** | Aanvanklik speel Map in die Star of the Redemption-orkes as saksofoonspeler waar dit duidelik is dat hy 'n beduidende funksie het./hom met die goeie/positiewe besig hou. | Bl. 37: *Mister Johnnie Jacobs ... Boeta het gesê hy het al previously in die band in gespeel ...*<br>Bl. 43: *'Cause die sax is special, en daai was jy ...* |
| **Aanvanklik assosieer Johnnie net met die regte, wat duidelik uit sy handeling blyk.** | Johnnie gaan skool in Elsiesrivier waar hy 'n onskuldige, doodgewone jong kind is./Hy raak verlief op Blanchie en die verhouding getuig van onskuld, van die goeie en die mooie. | Bl. 13: *Ons het saam skoolgegaan, in die Elsiesrivier ... Ek het ... vir haar ... liefgehad*<br>Bl. 13: *Map en Blanchie as tienderjarige seun en dogter, nog op skool ... in 'n speelpark.* |
| | Ongelukkig maak die milieu dit onmoontlik om werk te kry, want alle werk word vir wittes gereserveer./Die goeie bedoelings wat Johnnie het, word gekelder wanneer hy 'n lid van verskillende bendes word en die verkeerde keuses maak. | Bl. 31: *Ek het matriek ge-maak ... Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar, well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...*<br>Bl. 31: ... *toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die ... elemente ...* |
| | Sy bendebedrywighede veroorsaak dat sy handeling toenemend die verkeerde keuses is, want in 'n poging om iets te wees, tree hy as bendeleier op./Bendes hou hulle besig met die verkeerde keuses terwyl Johnnie eintlik 'n goeie jongman is. | Bl. 32: *Maar ek was die leader ... Ek was altyd die leader*<br>Bl. 23: *'Is nie soes Johnnie nie ... 'is nie ...*<br>Bl. 23: *Hy's 'n ... misdadiger ...* |
| **Johnnie word Map – 'n duidelike bewys dat hy die verkeerde keuses maak.** | Map laat hom tatoeëer in 'n poging om iewers te behoort, om iets te wees./om 'n identiteit te hê, maar in die proses assosieer hy toenemend met die verkeerde mense./aktiwiteite. | Bl. 31: *Kan jy sien al die tattoos, al die merke? 'it was 'n terrible gesoek seker ...*<br>Bl. 31: *Van al die merke, al die tattoos, call hulle toe vir my Map ...*<br>Bl. 32: *Ek wiet wat gebeur het, al die dinge van die verderf, al die dinge van die hel ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | Hy word gemanipuleer om toestemming te gee dat sy bende twee vroue beroof en verkrag/ sy bendelede oefen druk op hom uit deur hom te vlei en hom "Chief" te noem – die selfgenoegsaamheid a.g.v. die erkenning lei daartoe dat hy meegevoer word. Hy gee toestemming vir alles wat verkeerd/boos/afskuwelik is. | Bl. 16: *Ma' Map was die leader, man ... Hy was mos altyd die leader ... Hulle ammal was vuil varke ...*<br>Bl. 32: *Maar ek sê vir julle ons was daar vir geld, nét vir geld, en ek het net gesê skud hulle, search hulle, daai's al wat ek gesê het!*<br>Bl. 33: *Toe sê hy vir my "Chief" en hy vra vir my mooi ...* |
| | Map se handeling getuig van die verkeerde keuses wat hy uitoefen wanneer hy die bendelid wat sy sustertjie verkrag en verwurg, doodsteek. | Bl. 34: *En toe sien ek ook 'it was vir Ivan Philander wat ek doodgestiek het ...* |
| | Hy probeer die regte en eerbare ding doen deur hom aan die polisie oor te gee, maar die verkeerde handeling kan nie herstel word nie: | Bl. 35: *Ek het myself opgegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...*<br>Bl. 15: *Hulle sê sy's stom, ek mien, lat sy haar praat geverloor het daai selfde aand nog toe dit gebeur het ...* |
| **In die tronk getuig Map se handeling/dade van 'n nuwe voorbeeldige verstandigheid wat bevestig dat Map/ Johnnie inherent eintlik die regte keuses wil maak.** | Sy handelinge getuig daarvan dat hy die verkeerde keuses uitoefen het, maar dat hy nou reg kies en 'n nuwe lewenskoers inslaan. | Bl. 35: *Ek het twaalf jaar gekry. Ek het sewe jaar geserve. Ek is yt op parole. So God vergewe my.* |
| | As bekeerde bely hy al die kwaad en boosheid wat hy aangevang het en onderneem om in God se Lig te leef. Dis duidelik dat hy die goeie kies. | Bl. 35: *So God vergewe my ... en Ma ... en Blanchie ...*<br>Bl. 30: *Die Lig ... Ek sien dit nou, dankie, God ...* |
| **Map word nie kwaad/ aggressief nie. Hy maak en breek nie. Sy handelinge bewys dat hy verander het en daarom die goeie keuse wil maak.** | Na sy vrylating hou Map hom in en om die huis besig en weerhou hom van maak en breek. Sy handeling getuig daarvan dat hy inderdaad sy rug op die verkeerde keuses gedraai het. | Bl. 40: *Map skud sy kop – "Nee", Tommy rook.* |
| | Selfs wanneer Tommy vir Map met stories oor Blanchie uitlok, reageer Map bloot deur ontsteld te lyk, of te staar. Hy raak nie aggressief nie. | Bl. 41: *Map ontsteld.*<br>Bl. 41: *Map staar.*<br>Bl. 41: *So jy sê, Blanchie is ... annerste ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | Map vergewe vir Blanchie wat sy ook al gedoen het in die wete dat hy niks het om op trots te wees nie. | Bl. 46: *Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie, ek mind van niks ... wie is ekke om te mind!* |
| | Map se handelinge dui op 'n totaal nuwe toewyding aan die goeie, want hy onderneem om nie weer verkeerd te kies nie: hy vertroos vir Blanchie./staan haar by tydens haar pa se selfdood. | Bl. 46: *... en ek is sorry, Blanchie ... ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer* 'n *mens geword, so Blanchie ... ek sil nie weer ... Ek sweer 'it voor 'ie Here ...* |
| **Map kies finaal die goeie wanneer hy Blanchie in die openbaar vergewe en voor Antie Grootmeisie kniel sodat hy amptelik sy naam, Johnnie, terugkry.** | Sy handeling (nl. dat hy "huil" en "lag") bevestig die keuse ten gunste van die goeie. Sy skuldbelydenis maak hom vry, gee hom nuwe hoop, want hy en Blanchie is versoen, Antie Grootmeisie kan weer praat en die saksofoon wat opklink, suggereer dat hy weer sy plek in die orkes kan inneem. | Bl. 60: *Hy huil en lag. Dan sy ook – huil en lag.*<br>Bl. 62: *Hulle kyk vir mekaar – Map en Antie Grootmeisie.*<br>Bl. 62: *... en óns hoor – die saxofoon, soos hy dit ge-speel het, voorheen.*<br>Bl. 62: *Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map – hy val half – voor Antie Grootmeisie neer.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Cyril vertaal die Bybel verkeerd./<br>Cyril verander die Bybelteks om Maud by te kom.✓ | 1 |
| 15.2 | Nee<br>Hy soek skoor/spot met Tommy wat vir Blanchie omgee./op haar verlief is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 15.3 | Ja<br><br>**OF**<br><br>Nee ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dis geen geheim dat die Cavernelisse na 'n beter buurt wil wegtrek nie./<br>Cavernelis en Maud gebruik beter/hoogdrawender taal as die ander wat hulle beter stand aandui./<br>Die Cavernelisse verkies om nie met die gewone mense te meng nie./<br>Cavernelis verbied Blanchie om iets met Map te make te hê. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>2 |
| 15.4 | Met sy woorde probeer hy Maud seermaak./toon hy dat hy van nature venynig is./Hy verwys venynig na Blanchie se werk./tart haar./spot die Cavernelisse. ✓<br><br>In sy optrede teenoor Maud lag hy haar openlik uit om haar seer te maak./spot hy met die situasie, want dit is in sy aard om mense seer te maak./bevestig hy hulle weet dat Blanchie misbruik word. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan, met EEN punt vir "woorde" en EEN punt vir "handeling".* | 1<br><br>1 |
| 15.5 | Die gebeure speel af na die gedwonge verskuiwing van die mense uit Distrik Ses./in die apartheidsera. ✓<br><br>Die mense is verarm./werkloos./vasgevang in hulle omstandighede./Hulle bly in klein hokkies vir huise. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet verwys na die politieke EN die maatskaplike milieu.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6 | Die troostelose Kaapse Vlakte ondersteun die tema van uitsigloosheid, want daar is vir die mense nie hoop op 'n verbeterde lewe nie./<br>Die armoede/werkloosheid lei tot 'n bestaan waaruit niemand kan ontsnap nie – die uitsigloosheid hou dus net aan./<br>Dié wat wel werk het/kan kry, moet ver ry om by die werk uit te kom/ekstra geld uitgee wat daarop dui dat hulle die omstandighede nie kan ontsnap nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet die verband tussen die milieu en die tema aantoon.*<br><br>**EN**<br><br>Johnnie kan nie 'n goeie werk kry nie./net 'n bode word wat vir hom onaanvaarbaar is./<br>Johnnie word 'n bendelid./leier van bendes./is verantwoordelik vir moord./ verkragting./<br>Johnnie kry nie erkenning/identiteit nie./beland uiteindelik in die tronk. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |
| 15.7 | Die tyd (sewe jaar) toe Map in die tronk was ✓ | 1 |
| 15.8 | Tommy hou daarvan om mense te ontstel./te treiter./te tart./seer te maak (daarom is hy moedswillig)/.<br>Hy hou van konfrontasie./<br>Hy is 'n skinderbek. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.9 | Nee<br>Cyril voorsien dat Map vir Cavernelis leed gaan aandoen, wat nie gebeur nie./<br>Cyril voorspel dat hy almal gaan vrek maak, wat nie gebeur nie./<br>Cyril voorspel dat Map gaan maak en breek wanneer hy van Blanchie hoor, maar dit gebeur nie, want Johnnie vergewe haar. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat hoef nie die voorspelling aan te bied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Map is bekeer./is nie meer Map nie, maar Johnnie./is 'n nuwe mens. ✓ | 2<br><br>1 |
| 15.10 | In die verwikkeling ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit is waar die verhouding tussen karakters al meer gespanne word as gevolg van Map se (moontlike) vrylating./die (moontlike) konfrontasie tussen Map en Blanchie. ✓ | 1<br><br>1 |
| 15.11 | Die leser verwag dat die omgewing waar hulle bly/die Kaapse Vlakte groot name/presteerders/glanspersoonlikhede/bekendes gaan oplewer; die teendeel is waar: die omstandighede is uitsigloos./daar is niemand wat presteer/ bekendheid verwerf nie./Blanchie kry nie die modelkontrak nie./gaan nie Parys toe nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.12 | Blanchie kan weer met Map versoen./<br>Blanchie hoef nie meer prostitusie te beoefen nie./<br>Sy hoef nie meer saam met Maud te bly nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Blanchie gee haar pa die skuld vir haar betrokkenheid by die modelkontrak (wat tot sy selfdood lei)./<br>Omdat Blanchie ontsteld is, skel sy haar pa oor sy aandadigheid aan die mislukte modelkontrak (waarna hy voor die trein inry)./<br>Hy voel skuldig nadat Blanchie sê dat die mislukte modelkontrak sy skuld is (en pleeg selfdood). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Konstabel se woorde:** | | |
| **Konstabel Van der Riet se woorde stel van meet af aan wet en orde – d.w.s. dit wat reg is – voor, terwyl hy die verkeerde wat hy beplan, wegsteek.** | Hy sê hy kom om die vroue te beskerm en dat hy deel is van die ontplooide waakeenheid./ Hy sê dat hy Konstabel Van der Riet is – sy woorde mislei hulle sodat hulle by hom veilig voel. | Bl. 15: *Deel van die ontplooide waakeenheid. Ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees.* |
| **Konstabel gebruik sy woorde op so 'n manier dat die vroue dink dat hy hulle veiligheid sal verseker, hoewel hy besig is met 'n bose plan.** | Hy sê vir hulle dat hulle gerus kan wees a.g.v. sy goed ontwikkelde sintuie; hy bedrieg hulle om te glo dat hy 'n besondere geregsdienaar met buitengewone talent is. | *Bl. 17: Ek hoop ek het u gerusgestel. En my ander sintuie ... is byna net so goed ontwikkel. Ek het byvoorbeeld vannag geweet dis volmaan daarbuite.* |
| | Uit sy woorde blyk dit dat hy oor uitsonderlike talente beskik. Hy kan byvoorbeeld hoor hoe Wagter lyk. | Bl. 24: *'n Groot dier. Kort snoet. Stomp stert.*<br>Bl. 24: *Hoe merkwaardig!* |
| **Met sy woorde mislei Konstabel hulle dat hulle hom glo/bewonder in plaas daarvan om deur sy bedrog te sien.** | Konstabel se verbale reaksie op Rienie Pieterse en Sannie Koen se verdwyning mislei Miem om te dink dat hulle reg is om die bedreiging buite die huis as boos/verkeerd te beskou. | Bl. 19: *Wat vertel u my! Ja, ja, ja ... ek het so iets vermoed.* |
| | Hy sê dat die feite ooglopend is en dat hulle dit net misgekyk het, wat vir die vroue gerusstellend is. | Bl. 21: *Maar daar is ander gegewens ... wat u miskien misgekyk het.* |
| **Hy mislei met sy woorde vir Meisie sodat sy dink dat die sirkus reg is, terwyl Miem haar leer dat dit verkeerd is.** | Konstabel erken aan Meisie dat hy ook van die sirkus hou – so mislei hy haar om haar ma se siening oor die bose sirkus te bevraagteken. | Bl. 28: *Ek gee nie om nie. Ek hou ook van die sirkus.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die konstabel maak met sy woorde seker dat die vroue bewus bly van die dreigende gevaar buite die huis, terwyl hy kwansuis daar is om juis dié gevaar te beveg. Intussen is hý die enigste gevaar!** | Wanneer Miem hom die huis wil verbied, toon Konstabel se dialoog dat hy omgee vir hul veiligheid, aangesien iemand maklik die deur kan oopbreek. In werklikheid mislei hy hulle sodat hy toegelaat word om in die huis te bly. | Bl. 32–33: *En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid ... Die deur kan maklik oopgebreek word ... Iemand kan daar insluip ...* |
| **Konstabel mislei die vroue deur te lieg oor hoe hy "blind" geword het./Met 'n slinkse paar woorde wen hy die vroue se simpatie én bewondering terwyl hy hulle eintlik bedrieg.** | Hulle glo hy is 'n blinde man en deel van die goeie./ onskuldige terwyl hy besig is om sy verkeerde planne (nl. om Meisie te ontvoer) stelselmatig in werking stel. | Bl. 36: *Maar u het dit te bowe gekom. Ek kan u nie sê hoe ek u bewonder nie, Konstabel.* |
| **Konstabel misbruik Gertie se seksuele frustrasie in sy eie belang en mislei haar deur middel van sy woorde sodat sy soos tant Hannie optree. Met sy woorde ontbloot hy haar as gefrustreerde oujongnooi en maak haar belaglik.** | Sy voer in vervoering sy stuitige suggestie uit en raak van haar klere ontslae./Op dié wyse mislei Konstabel Gertie sodat sy in hom 'n biegvader en moontlike eggenoot sien. | Bl. 46: *Gertie begin haar bloes stadig losknoop.*<br>Bl. 47: *Gertie kyk in ekstase na haarself in die denkbeeldige spieël.* |
| **Konstabel se simpatieke woorde aan Miem mislei haar om te glo dat hy deel van die goeie is en daarom kan Miem teenoor hom bieg.** | Onder Konstabel se simpatieke (maar vals) woorde erken Miem hoe sy haar man mis; sy erken dat Konstabel dinge in haar wakker maak. | Bl: 47: *Wat makeer, Mevrou?*<br>Bl. 48: *Ek moet erken, Konstabel ... om 'n man hier te sien … dié tyd van die nag … wel … dit maak weer dinge in my wakker. Ja. Selfs 'n sieklike vrou van my jare.* |
| **Konstabel se misleiding teen die einde maak Meisie blind vir alles wat haar ma haar geleer het en sy kies verkeerd.** | Meisie laat toe dat hy haar met sy woorde so mislei dat sy glo dat hy haar redder uit die bose/mislike omstandighede waarin sy haar bevind, is./Sy besef nie die gevaar waarin sy verkeer nie./Sy dartel uit eie vrye keuse by die deur uit. | Bl. 50: *Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien.*<br><br>Bl. 50: *Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi.* |
| **Konstabel se handeling:** | | |
| **Konstabel Van der Riet dra 'n polisie-uniform wat die dames mislei om te glo dat hy hulle teen die bose gaan beskerm.** | Almal bewonder sy goeie houding, regop rug en skouers en vertrou hom daarom. | Bl. 15: *So 'n man kan 'n mens vertrou.* |
| **Konstabel speel toneel: hy gee voor dat hy blind en dus onskadelik is.** | Hy kom binne met 'n wit kierie en dra 'n ronde donkerbrilletjie wat die vrouens oortuig dat hy blind is. | Bl. 15: *Daar heers 'n doodse stilte terwyl MIEM, MEISIE en GERTIE hom sprakeloos aankyk.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Hy ruik aan elke dame om te bepaal hoe oud hulle is en wat hulle huwelikstatus is en laat die dames glo dat hy aan die kant van reg en geregtigheid is – hulle bewonder sy bonatuurlike vermoëns terwyl hy alles wat verkeerd is, wegsteek.** | Hy laat hulle glo dat, as sy reuksintuig so goed is, hy hulle wel sal kan beskerm en dat hy dus deel van die goeie is. | Bl. 16: *Dames, wees tog gerus. Hulle noem my nie verniet Snuf-in-die-neus nie.* |
| **Konstabel se oënskynlike onbeholpenheid wanneer hy die stok laat val, mislei die dames om te glo dat hy nie kwaadwillige bedoelings het nie.** | Hy kom so verlore en hulpeloos voor dat hulle hom eintlik jammer kry in plaas daarvan dat hulle sien hoe hy hulle bedrieg. | Bl. 34: *... Sien, sonder my stok is ek verlore ...* |
| **Konstabel hou hom onskuldig as hy vra hy wil graag "sien" hoe Meisie lyk; sy dade wek hulle simpatie. Hulle glo dat hy aan die kant van die goeie is.** | Hy streel saggies oor Meisie se gesig as hy voel hoe sy lyk en manipuleer haar op 'n sensoriese wyse. | Bl. 38: *Mooi ... mooi.* |
| **Met Konstabel se behulpsame hoflikheid om Meisie te help mislei hy hulle: Miem dink hy is 'n moontlike trouman vir Meisie, terwyl hy buite sy listige aanslag op Meisie kan voortsit.** | Hy help Meisie om die slopemmer te gaan leegmaak sodat hy en sy alleen buite kan wees en hy sy bose plan in werking kan stel. | Bl. 38: *Laat ek help.*<br><br>Bl. 39: *Dit is gaaf van u, Konstabel.* |
| **Konstabel luister kwansuis aandagtig/belangstellend na Miem se biegsessie terwyl hy eintlik 'n valse front voorhou. Hy wag sy kans af om toe te slaan.** | Sy erken aan Konstabel dat sy die geselskap van 'n man in die huis mis. Terwyl Miem hom met haar hartsgeheime vertrou, het hy reeds met Meisie gekonkel om saam met hom weg te loop. | Bl. 48: *As 'n mens gewoond is aan ... is dit moeilik om te bly, so sonder 'n man.* |
| **Konstabel trek sy uniformbaadjie uit en keer dit om wat dui op die ommekeer van sy persoonlikheid en die finale assosiasie dat hy die verkeerde verteenwoordig.** | Daar bestaan geen twyfel oor sy verbintenis met die sirkus/ bose nie, want as hy sy baadjie omdop, is dit die klere van 'n towenaar-hofnar. | Bl. 50: *Dit is die baadjie van 'n hofnar of pierrot en is gemaak van blink sy ...* |
| **Konstabel se finale misleidende optrede laat Meisie finaal toegee aan die aanslag van Konstabel: hy maak die venster/deur oop sodat Meisie die musiek móét hoor en die vryheid waarheen dit haar nooi, self kies.** | Deurdat Konstabel Meisie nie dwing nie, maar haar saggies hanteer, oortuig hy haar om self die pad van die verkeerde te kies ten spyte van haar ma se oortuiging en waarskuwings. | Bl. 51: *Die KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy verstar. Hy draai haar stadig na hom. Sy laat haar arms sak. Die KONSTABEL neem haar gesig tussen sy hande en kyk na haar.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Konstabel maak die deur vir Meisie met 'n sjarmante handgebaar oop en mislei haar verder sodat sy as't ware die sg. vryheid kan sien en hoor.** | Sy dartel by die deur uit, haar vryheid en eksotiese avonture tegemoet, terwyl die leser bewus is van die gevaar wat vir haar wag./Deur middel van Konstabel se manipulering van wat reg en verkeerd is, dink sy dis die regte ding om te doen, terwyl dit juis die verkeerde is waarteen haar ma haar so lank waarsku. | Bl. 52: *Hy maak 'n effense buiginkie en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

| | | |
|---|---|---|
| 17.1 | Miem is nie gesond nie./het water op die knieë./suikersiekte. ✓<br>Sy vertel dat daar iemand/Gabriël bo in die solder bly. ✓ | 1<br>1 |
| 17.2 | Meisie is 'n gevangene van haar mislike omstandighede./haar ma se dominerende persoonlikheid./eng siening. ✓<br>Gertie is 'n gevangene van haar oujongnooibestaan./Miem se voorskriftelikheid./ veroordelende aard. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 17.3 | Hy weet dat die pa 'n afwesige karakter is./dat hulle geen hulp van die pa/die man in die huis/Gabriël sal ontvang nie./<br>Miem se siekte dra by dat Meisie onbeskerm/weerloos is./<br>Vanweë Meisie se armoede sal sy graag wil ontsnap./begeer sy 'n beter lewe./<br>Hy kom agter dat Meisie na 'n jongmenslewe/'n lewe sonder werk/die opwinding van die sirkus smag. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 17.4 | Dit gee inligting hoe Gertie/die karakter moet optree./<br>Die leser leer vir Gertie ken uit haar optrede./<br>Dit dui Gertie se ontsteltenis/koketterigheid aan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.5 | Sy gee voor dat sy haar oujongnooiskap/alleenheid/ongetroude status aanvaar, maar die werklikheid is dat sy na 'n man smag. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.6.1 | Dit beklemtoon die (blatante) misleiding wat voor hulle oë plaasvind./dat hulle dus juis nié sien nie./verkeerd sien./figuurlik blind is./<br>Dit beklemtoon Konstabel se sg. blindheid, terwyl hy juis die een is wat sien. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die titel "Mis" dui ook op iets wat verkeerd gesien/misgekyk word. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.6.2 | Ja<br>Die gehoor/leser is bewus van die feit dat Konstabel kan sien, terwyl die vroue nie agterkom dat hy hulle mislei nie./<br>Die gehoor/leser is bewus van die feit dat die vroue wat aanhoudend sê "Ek sien" juis nie "sien" nie, maar mislei word./figuurlik blind is./<br>Die gehoor/leser is bewus daarvan dat Meisie opstandig is wat haar die perfekte kandidaat maak vir Konstabel se leuens, maar Miem besef dit nie./<br>Die gehoor/leser besef Konstabel gebruik die gesprek buite/onder die perskeboom om Meisie te verlei (om saam met hom weg te loop), terwyl Miem dink hulle buitewees is doodonskuldig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord, binne konteks, vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die dramatiese ironie vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.7 | Miem spreek Gertie aan omdat sy na die sirkusfratse/optog gaan kyk het./glo ander moet haar vrees vir die sirkus deel./ Miem sê Gertie moet Konstabel en Meisie uitlos wanneer hulle onder die boom gesels./planne beraam. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Meisie loer aanhoudend deur die venster/tussen die gordyne deur om iets van die sirkus/sirkusliggies te sien wat Miem ontstel. ✓<br>Miem gaan haal Meisie wanneer sy uitgaan om na die sirkus te gaan kyk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>1<br>1 |
| 17.8 | Konstabel wil Miem se vertroue wen. ✓<br><br>Konstabel sê vir Miem nag. ✓<br><br>Konstabel sê vir Gertie dat sy lang/goue/golwende hare soos sy tant Hannie het./dat niemand soos sy tant Hannie kon dans nie. ✓<br><br>Konstabel vra vir Meisie of sy nooit besoekers kry nie./wat haar naam is./gee haar komplimente oor haar name./sê dat hy ook van die sirkus hou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 17.9 | Ja<br>Meisie is weerloos./is 'n sagte teiken vir misdaad./'n misdadiger./<br>Dit dompel Meisie in groter armoede./<br>Die groter armoede veroorsaak dat sy harder moet werk om te oorleef./<br>Haar pa se afwesigheid maak haar afhanklik van mis (vir 'n inkomste)./<br>Sy is haar ma se enigste fokus wat daartoe bydra dat Miem haar maklik domineer./ afpers om gehoorsaam te wees./<br>Sy moet haar ma help met haar pa se daaglikse versorging./skoonmaak van die slopemmer. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 17.10 | Dis deel van die verwikkeling. ✓ | 1 |
| 17.11 | Hy gee voor om te wees wat hy nie is nie./Hy behandel hulle met valse respek om hulle te manipuleer. ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Hy gee eers vir haar identiteit./eiewaarde./'n gevoel van belangrikheid./<br>Hy laat haar dink dat sy 'n mens is wat eie keuses kan maak./<br>Sy voel nou menswaardig./ontwikkel 'n bietjie selfvertroue./<br>Sy kry selfvertroue om haar eie keuses te maak./<br>Sy voel dat hy haar as vrou aantreklik vind./haar vroulikheid word raakgesien sodat sy haar eie besluite kan neem ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | 5–6<br>Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | 4<br>-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | 3<br>-Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | 2<br>-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | 0–1<br>-Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | 4<br>-Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | 3<br>-Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | 2<br>-Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | 1<br>-Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | 0–1<br>-Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gede-tailleerd<br>-Enkele deeglike ar-gumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehan-gend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |

Kopiereg voorbehou